

**Op weg na 'n Gereformeerde
kerkplantingsmodel as deel van die
missio-Dei.**

A.C. JORDAAN

12246271

*Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes van die M.Th graad
aan die Noordwes-Universiteit.*

Studieleier: Prof. J. Bosman

Mede-Studieleier: Dr. J.J. Knoetze

April 2013

Voorwoord:

“Wees nie haastig met jou mond nie, en laat jou hart nie 'n woord uitbring voor die aangesig van God nie; want God is in die hemel, en jy is op die aarde. Daarom moet jou woorde min wees.” (Pred 5:1). Die inhoudelike van die skripsie het die bewuswording van die mens se onvermoë om God volkome volgens Sy wil te dien, laat vlam vat. Watter woorde weeg swaar genoeg om neer te pen wanneer sake soos die *missio-Dei* en die *missiones Ecclesiae* ter tafel gelê word? Dank aan die Vader wat my lot so bestier het dat Hy binne sy genade hierdie skripsie toegelaat het. Mag dit wees tot Sy eer en verheerliking.

Verdere dankbetuigings:

- My vrou Marietjie en my 3 wonderlike kinders Stephan, Mart-Marié en Anna-Belle vir die ondersteuning en die opoffering ten tyde van die skrywe van die skripsie. Ek kon nie vir beter gevra het nie.
- Oom Wouter Hugo vir die finansiële en morele bystand wat hy gelewer het en steeds lewer.
- My studieleier, Prof. Johan Bosman vir sy leiding en positiewe insette wat hy gelewer het.
- My mede-studieleier, dr. Hannes Knoetze vir sy positiewe aandeel en bydrae wat hy gelewer het met die skrywe van die skripsie.
- My ouers vir die biddende ondersteuning.
- Oom Richard en die Derkiens wat God op vreemde maniere gebruik het om die saadjie van kerkplanting in my hart te plant.
- Dr. Jacobs wat op kort kennisgewing ingewillig het om behulpsaam te wees met die taalversorging.
- Die personeel van die Jan Lion Cachet Biblioteek en in besonder mev. Hester Lombard vir al die hulp en vriendelike diens.
- Die personeel van die F.A.H. van Staden biblioteek vir hul hulp en geduld.
- Die personeel van Unisa en UP se biblioteke.
- Die KJWT-Trust vir hul finansiële ondersteuning en belangstelling in die ondersoek asook die hulp en ondersteuningstelsel wat hul bied ten opsigte van die praktiese toepassing van die resultate van die ondersoek.
- Die Noordwes-Universiteit vir hul finansiële ondersteuning.
- My broer, Hansie Brits en sy vrou Petro dankie vir jul ondersteuning.
- Prof. Koos Adendorff vir sy belangstelling en passie vir die tema.

Opsomming:

Hierdie skripsie kyk na die *missio-Ecclesiae* deur die bril van die *missio-Dei*. Die gevolgtrekking word gemaak dat kerkplanting die *missio-Dei* veronderstel. Daar word 'n verdere afleiding gemaak dat kerkplanting die heroriëntering en hervitalisering van die plaaslike gemeentes tot gevolg het. Riglyne aangaande die heroriëntering van plaaslike gemeentes word verskaf asook die rol wat hul behoort te speel in die kerkplantingsproses. Laastens is die wesentlike eienskappe aangedui wat gereformeerde kerkplanting behoort te besit.

Summary:

This mini-dissertation views the *missio-Ecclesiae* through the lens of the *missio-Dei*. The conclusion is that church planting presupposes the *missio-Dei*. A further conclusion is drawn that church planting results in the re-orientation and revitalization of the local church. Guidelines are given for the revitalization and re-orientation process of local congregations, as well as the role they need to play in church planting. In conclusion the essential characteristics of Reformed church planting are pointed out.

INHOUDSOPGAWE

Hoofstuk 1: Missio-Dei en kerkplanting as navorsingsuitdaging

1.1 Agtergrond.....	2
1.2 Probleemstelling.....	5
1.3 Sentrale navorsingsvraag.....	6
1.4 Doel.....	6
1.5 Sentrale teoretiese argument.....	7
1.6 Metode en konseptuele raamwerk.....	7
1.7 Etiese oorwegings	7
1.8 Skematiese voorstelling.....	8

Hoofstuk 2: Missio-Dei volgens Skrifperspektief

2.1 Oriëntering.....	10
2.2 Op weg na 'n definisie vir die term <i>missio-Dei</i>	10
2.3 Trinitariese fundering van die <i>missio-Dei</i>	12
2.3.1 God die Vader en die <i>missio-Dei</i>	12
2.3.2 God die Seun en die <i>missio-Dei</i>	14
2.3.3 God die Heilige Gees en die <i>missio-Dei</i>	15
2.3.4 Implikasies vir ekklesiologie.....	16
2.3.5 Voorlopige gevolgtrekking.....	17
2.4 <i>Plantatio Ecclesiae</i>	17
2.4.1 Messiaanse beweging met die oog op die volkere.....	18
2.4.2 Messiaanse beweging deur die Gees.....	21
2.4.3 Voorlopige gevolgtrekking.....	23
2.5 Riglyne vir kerkplanting.....	24
2.5.1 Opdrag-bewus.....	25
2.5.2 Barmhartigheidsdiens.....	25
2.5.3 Gemeenskap.....	25
2.5.4 Gawes.....	26

2.5.5 Byeenkomste.....	27
2.5.6 Breër geloofsgemeenskap.....	27
2.5.7 Gerig na buite.....	28
2.6. Hoofstuk gevolgtrekking.....	29

Hoofstuk 3: *Missio-Dei* volgens kontekstuele perspektief

3.1 Oriëntering.....	31
3.2 Suid-Afrikaanse kerkplantingskonteks.....	35
3.3 Globalisasie en verskuivende demografieë.....	37
3.4 Post-moderne, moderne en tradisionele denke.....	38
3.5 Sosio-ekonomiese faktore.....	39
3.6 Koersgewende rigtingwysers.....	40
3.7 Bestaande kerke.....	41
3.8. Hoofstuk gevolgtrekking.....	56

Hoofstuk 4: *Missio-Dei* en voortgaande kerkplanting in Suid-Afrika

4.1 Oriëntering.....	59
4.2. “Tregter-en wielkonsep” van gereformeerde kerkwees.....	60
4.2.1 Drie-Eenheid.....	61
4.2.2 <i>Missio-Dei</i>	62
4.2.3 <i>Missio-Ecclesiae</i>	62
4.2.4 Gawes.....	63
4.2.5 Inkulturalisering.....	63
4.2.6 Pauliniese sirkel.....	64
4.3 Hoofstuk gevolgtrekking.....	64

Hoofstuk 5: Slot

5.1 Oriëntering.....	66
5.2 <i>Missio-Dei</i> en kerkplanting as navorsingsuitdaging.....	66
5.3 <i>Missio-Dei</i> volgens Skrifperspektief.....	67
5.4 <i>Missio-Dei</i> volgens kontekstuele perspektief.....	67

*Op weg na 'n Gereformeerde kerkplantingsmodel as deel van die missio-Dei.
(A.C. Jordaan)*

5.5 <i>Missio-Dei</i> en voortgaande kerkplanting in Suid-Afrika.....	68
5.6 Moontlike velde van verdere ondersoek.....	68
Bronnelys.....	70

Hoofstuk 1: Missio-Dei en kerkplanting as navorsingsuitdaging

- 1.1 Agtergrond
- 1.2 Probleemstelling
- 1.3 Sentrale navorsingsvraag
- 1.4 Doel
- 1.5 Sentrale teoretiese argument
- 1.6 Metode en konseptuele raamwerk
- 1.7 Etiese oorwegings
- 1.8 Skematiese voorstelling

Hoofstuk 1: *Missio-Dei* en kerkplanting as navorsingsuitdaging

1.1 Agtergrond

Dit is nou 'n geruime tyd dat 'n stroom van literatuur besig is om mense se oë daarvoor oop te maak dat 'n nuwe geestelike klimaat hier in Suid-Afrika posgevat het. De Klerk (1999) verduidelik dat God selfs “vreemd” geword het vir sy eie mense. Daarmee bedoel hy mense wie se name in kerklike registers opgeteken is, maar wat uiteenlopende opvattinge oor Christus en godsdiens handhaaf.

Nuwe denke daag op alle terreine die ou leerstellinge van die gereformeerde tradisie in 'n debat uit. 'n Krisis is in swang waarin die kerk rondval en hom in bogte buig om die onbehaaglikheid van baie mense te besweer. De Klerk (1999:16) praat daarvan as 'n nuwe wêreldkultuur, die post-modernisme genoem. Nicol (2000:168-194; vgl. Du Toit, 2000) meen dat die Suid-Afrikaanse samelewing vanaf 'n pre-moderne na 'n moderne klimaat verander het en toenemend besig is om in 'n post-moderne atmosfeer te leef waarvan die internet en verwante tegnologie as katalisator dien.

Joubert *et al* (2007:9) is van oortuiging dat die modernisme en die post-modernisme Suid-Afrika gelyktydig tydens die 1990's getref het: “Wat presies het in Suid-Afrika gebeur sedert die 1990's? 'n Dodelike sarsie kultuurskokke het ons getref, so intens dat dit as 'n kategorie 5 storm geklassifiseer moet word.” Janse van Rensburg (2000; vgl. Bosch, 2011:357-376) verduidelik dat hierdie nuwe denkklimaat in akademiese kringe bekend staan as 'n paradigmaskuif. Skynbaar is dit 'n situasie plaaslik sowel as wêreldwyd. Dit gaan dus oor 'n globale klimaat wat ook plaaslik aan die orde is. 'n Mens kan hierdie geestesklimaat nie vermy nie. Daarom meen sommige dat dit nie help om oorsee te gaan, af te tree, uit jou werk te bedank of weg te kruip nie. Hierdie geestesklimaat is reeds agter ons, rondom ons, bo ons, op ons, in ons. Dit affekteer kerkwees soos nog nooit vantevore nie. Daar is eenvoudig geen wegomkans nie.

Niemandt (2007) reken dat geloofsgemeenskappe in Suid-Afrika nodig het om in pas te kom met hierdie nuwe werklikheid, i.e. 'n post-moderne wêreld. Onwillekeurig ontstaan die vraag: Is die kerk nog relevant in hierdie omgewing met sy oorgelewerde gebruike en kerkplantingsmodel? 'n Mens proe iets van die krisis in die kerklike omgewing van Suid-Afrika as daar byvoorbeeld gekyk word na kerklike statistieke. Koerantopskrifte vertel van dalende lidmaatgetalle (De Villiers, 2010); trouens, De Villiers (2012:2) berig in die weekblad *Rapport* dat Suid-Afrika een van die lande ter wêreld is waar godsdiensdigtheid onder alle

bevolkingsgroepe die vinnigste afneem. Veral webwerwe van kerkverbande vertel van 'n drastiese agteruitgang in lidmaatgetal by Afrikaanse kerke van gereformeerde belydenis.

In die Suid-Afrikaanse konteks is die naaste vergelykbare voorbeelde uit die gereformeerde kringe die sg. Afrikaanse "susterkerke", te wete die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK), die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika (GKSA) en die Nederduitse Hervormde Kerk in Suid-Afrika (NHKA). As die kerke en die twee dekades met mekaar vergelyk word, is die volgende opvallend: Die verlies aan dooplidmate, as persentasie uitgedruk, is feitlik identies. Lidmate van die drie kerkverbande het die afgelope 20 jaar met 375 163 verminder waarvan die dooplidmate gedurende hierdie periode die grootste verlies verteenwoordig (65%). Die Nederduitse Hervormde Kerk se verlies aan belydende lidmate het in die tweede dekade (1999 tot 2008) verdubbel (van 6% tot 12%) in vergelyking tot die eerste dekade (1988 tot 1998). Hierdie versnelling sal na alle waarskynlikheid toeneem omdat kleiner kerke groter blootstelling aan demografiese veranderinge het. Dit word bevestig deur die daling van belydende lidmate by die GKSA wat drievoudig toegeneem het van 3% tot 9% (Dreyer, 2011). Hierdie neiging vind ons ook in ander hoofstroomkerke in Suid-Afrika. Die navorsing van Chipkin en Leatt (2010:41) dui daarop dat die hoofstroomkerke se lidmaattal bykans gehalveer het vir die periode 1996-2001.

Die Afrikaanse Protestantse Kerk (die navorser se eie kerkverband), vertoon dieselfde neiging. Die Afrikaanse Protestantse Kerk verloor gemiddeld drie gemeentes per jaar vir die termyn 2000-2011 (Kerkjaarboeke, 2001-2012).

Nicol (2000:168) meen dat gelowiges sal moet herbesin oor die kerklike bediening aan die man op straat. Volgens hom bied die nuwe tydsgees moontlikhede wat deur gereformeerdes benut kan word. Niemandt (in De Villiers, 2012) beweer dat die huidige metodes van kerklike bediening, wat die NGK gebruik het, nie in die stede van Suid-Afrika werk nie. Volgens hom moet daar na nuwe metodes gesoek word. Kerkverbande poog om mense terug te lok kerk toe. Die vraag is of dit slaag en of sodanige pogings nog as gereformeerde beskou kan word. Hierdie soeke om mense terug te lok kerk toe, beklemtoon die noodsaaklikheid vir 'n gereformeerde kerkplantingsmodel. Nog 'n verskynsel wat die noodsaak beklemtoon is "*African Independent Churches*". Hierdie kerke werf oorwegend in swart gemeenskappe lede. 'n Ontploffing met betrekking tot kerkgroei is besig om plaas te vind by hierdie kerkdeel. Jenkins (2002) wys selfs daarop dat die sentrum van die Christendom na die suide van die aardbol verskuif het. Hy praat dan ook van "the next Christendom". Mashau (2008:14), in 'n onderhoud wat Van Wyk met hom gevoer het, is egter van mening dat die diepte van die Christendom in Afrika bevraagteken kan word. Volgens hom (vgl. ook Oduro

et al, 2008:10) vloei die kerklike stroom breed maar vlak. Besinning volgens die Skrifopenbaring is derhalwe onmisbaar.

Pocock *et al* (2005, 105-128;vgl. ook Carson, 2000 vir die evangelisering van post-moderne mense) dui in *The Changing face of World Missions* aan dat die nuwe geestesklimaat ook 'n invloed uitoefen op hoe sending deur kerke beoefen word. Wright (2006:38; vgl. Horton, 2011: 113 e.v.) wys op die feit dat ons leef in 'n tydperk van 'n multi-nasionale kerk asook meervoudigheid in sending. Daar word tans selfs geleef met 'n multi-kulturele hermeneutiek: 'n veelheid van perspektiewe en kontekste van waaruit en waarbinne mense die Bybel lees. Buys (1990:121-129) stel dit as taak dat evangelisering in Suid-Afrika rekening behoort te hou met die huidige godsdienstige plurarisme wat in die samelewing heers. Post-modernisme verheug hom nie net oor die plaaslike, die kontekstuele en die individuele nie, maar gaan sover as om te sê dat dit al is wat ons het. Post-modernisme affekteer sendingoptrede veral op twee maniere: in die eerste plek het dit 'n effek op diegene wat sendelinge word. In die tweede plek het dit 'n effek op hoe nie-Christene reageer op sendingwerk. Selfs kerkplanting word geaffekteer (vgl. Pocock *et al*, 2005:308 e.v.). Sedert die Lambeth-konferensie van 1958 het dit dus 'n slagspreuk geword: "Wêreld-evangelisering vereis dat die hele kerk die hele evangelie na die hele wêreld neem". Elke deel van hierdie slagspreuk lewer uitdagings en vrae op (Wright, 2010:26). Die koers word egter bepaal deur 'n behoorlike teologiese onderbou wat berus op sowel die Ou as die Nuwe Testament (Bybelse Teologie genoem). Vanuit so 'n onderbou sien Wright (2010:22) steeds plek vir kerke as gemeenskappe regoor die wêreld wat geplant en versorg word, met bedieninge waar uitsturing, heengaan en ondersteuning plaasvind ter wille van die naam van Christus en die waarheid van die Evangelie. Garrison (2009:646-648) is daarom reg as hy beweer: "We need to learn how God is using Church planters, missionaries, insiders and outsiders ... we must also learn what factors can slow, cripple, or even halt church multiplication." Moreau *et al* (2004:311) merk dan ook op dat een van die agendapunte vir sending in die tyd wat kom, verband hou met nuwe moontlike modelle van kerkwees en die doen van sendingwerk. Tradisionele modelle en metodes word beslis deur dié nuwe tyd uitgedaag, ten goede of ten kwade. Trouens, Keller en Thompson (2002:29; Stetzer, 2006:5; Thomas, 2009)¹ is van mening dat energieke en deurlopende planting van nuwe gemeentes

¹ Paas (2011; vgl. Thomas, 2009; Stetzer, 2006:5; Keller en Thompson, 2002:29) maak juis die punt dat kerkgroei en kerkplanting afhanklik is van mekaar. Dit blyk dat kerkplanting en kerkgroei al hoe meer in die kerkplantingswêreld as sinonieme beskou word. Die noodsaaklikheid van kerkplanting as bron van kerkgroei word in die woorde van Keller en Thompson (2002) uitgespel: "The vigorous, continual planting of new congregations is the single most crucial strategy for (1) the numerical growth of the body of Christ in any city, and (2) the continual corporate renewal and revival of the existing churches in a city. Nothing else, not crusades, outreach programmes, mega-churches ... will have the consistent impact of dynamic, extensive church planting. This is an eyebrow raising statement. But to those who have done any study at all, it is not even controversial."

die mees deurslaggewende strategie is binne die huidige tyd. So kan die die liggaam van Christus steeds numeries groei en bestaande gemeentes hernu en herleef.

1.2 Probleemstelling

God is in sy wese 'n God wat omgee vir verlore mense. Selfs heidenstede het by God 'n doelbewuste plek (Jona 4:11). Sy opdrag in Matt. 28:16-20 bevestig dat ondanks kulture die sendingtaak aangedurf moet word (Wright, 2006). In die lig van die *missio-Dei* is die verskynsel van 'n krimpende kerk 'n vreemde gebeurtenis, dit laat die vraag ontstaan na die kerk se selfverstaan. Die gevestigde kerk van Christus in Suid Afrika asook talle plekke wêreldwyd, veral in die Weste, het nodig om dringend te besin. 'n Gaping is besig om te ontstaan tussen kerk aan die een kant en die massas op straat aan die anderkant. Die jongste sensusdata van Suid-Afrika (Sensus 2011) dui daarop dat die populasie van Suid-Afrika gegroei het tot ongeveer 52 miljoen mense. Hoekom krimp die kerk dan in sekere dele van die land? Verstedeliking in Suid-Afrika neem drasties toe. Hoekom hou kerkgroei nie daarmee tred nie? Suid-Afrika vertoon neigings ooreenkomstig met ander wêrelddele (Keller, 2012). Hesselgrave (2000:17) stel dit dat die kerk se primêre doel is "... to proclaim the Gospel of Christ and to gather believers...". Van Engen (1991:27; vgl. Stewart, 2012) skryf treffend: "... the church of Jesus Christ may find its fullest expression in relation to the world from within the kingdom of God only if it lives out its nature as a missionary people". Dus kan die kerk van Christus nie anders as om missionêr te arbeid nie; "The Gospel is a missionary word; so the Church must be mission centered." (Chester & Timmis, 2008:32). 'n Deurlopende herbesinning behoort plaas te vind. Goheen (2011:203) pleit vir so 'n voortdurende heroriëntering: "... we must continually be reoriented and redirected to the unbelieving world as the horizon of our calling."

Kerkplanting is die antwoord om mense weer in die kerk te laat belangstel (Keller & Thompson, 2002; Paas, 2011). So kan ongelowiges asook mense van ander agtergronde en kulture meer effektief bereik word. Maar kerke wat soos paddastoelê opspring sonder Skriftuurlike diepte, laat eweneens die vraag ontstaan na die selfverstaan van die kerk in die lig van die *missio-Dei*.

Volgens van Andel (1912:77-84; Van Hoeven, 1986:111; Jones, 2004:9) wys Voetius daarop dat elke plaaslike kerk volwaardig kerk is. Die probleem van krimpende kerke asook kerke sonder diepte kan 'n antwoord vind indien die *missio-Ecclesia* in verband gebring word met die *missio-Dei* (vgl. Greenway, 1978). Derhalwe is dit belangrik om te soek na riglyne vir kerkplanting in Suid-Afrika waar die *missio-Ecclesia* in verband gebring word met die

missio-Dei. Binne die grense van hierdie navorsingsverslag kan slegs gesoek word na 'n voorlopige eiesoortige model vir kerkplanting in Suid-Afrika wat voldoen aan God se openbaring in die heilige Skrif.

Databasisondersoeke by die Ferdinand Postma Biblioteek (2012/08/31) toon dat 'n wetenskaplike ondersoek na kerplanting volgens gereformeerde oortuiging, vanuit die *missio-Dei*, binne die Suid Afrikaanse konteks, nog nie onderneem is nie.

1.3 Sentrale navorsingsvraag

Die sentrale navorsingsvraag waaraan in hierdie studie aandag gegee sal word, is dus die volgende:

Wat is die eienskappe, gegrond op die *missio-Dei*, vir voortgaande gereformeerde kerkplanting in Suid-Afrika?

Vrae vooruitspruitend uit die sentrale navorsingsvraag:

- (a) Watter lig werp die *missio-Dei* op kerkplanting?
- (b) Watter lig werp die huidige Suid Afrikaanse konteks op kerkplanting?
- (c) Wat is die eienskappe vir 'n voorlopige model vir voortgaande gereformeerde kerkplanting in Suid-Afrika?

1.4 Doel

Die doel van die navorsingsverslag is om vas te stel wat die eienskappe, in die lig van die *missio-Dei*, vir voortgaande gereformeerde kerkplanting in Suid-Afrika is.

Doelwitte wat bereik wil word is:

- Om volgens die Skrifopenbaring aan te toon hoe die *missio-Dei* kerkplanting belig.
- Om aan te toon hoe die huidige Suid-Afrikaanse konteks kerkplanting belig.
- Om aan te toon hoe eienskappe vir 'n voorlopige model vir gereformeerde kerkplanting daar uitsien.

1.5 Sentrale teoretiese argument

Wanneer kerke 'n gereformeerde kerkplantingsmodel gebruik wat in die *missio-Dei* gefundeer is en kerkplanting in 'n post-moderne, multi-kulturele Suid-Afrika aanspreek, behoort die liggaam van Christus Skriftuurlik te groei tot eer van God.

1.6 Metode en konseptuele raamwerk

Daar sal soos volg te werk gegaan word:

In die eerste plek sal in die lig van die *missio-Dei*, volgens die Skrifopenbaring, nagevors word wat koers gee aan gereformeerde kerkplanting.

In die tweede plek sal die konteks van die huidige Suid-Afrika bespreek word en waaraan aandag gegee behoort te word sodat die paradigma die werklikheid aanspreek.

Ten slotte word die vraag beantwoord watter eienskappe na vore kom as belangrik vir die ontwikkeling van 'n voortgaande gereformeerde kerkplantingsmodel in 'n post-moderne Suid-Afrika.

Gegewe die grense van die huidige navorsingsverslag is beperkinge nodig. Hoofsaaklik kan hier 'n teologiese refleksie plaasvind wat toonaangewende gespreksgenote en tendense verreken. Die navorser bely die Bybel as Woord van God (Ngb. Art 1-7; HK v/a 19, 21), en is opgelei in Skrifeksegese volgens die grammaties-historiese verstaansmetode (De Klerk & Van Rensburg, 2005). Derhalwe word die relevante eksegetiese, missiologiese en ander teologiese vakliteratuur vanuit sodanige vertrekpunte geanaliseer en geïnterpreteer. Slegs 'n beperkte hoeveelheid literatuur, i.e. van toonaangewende aard, is geselekteer deur middel van rekenaarmatige soektogte by die Ferdinand Postma biblioteek asook ander biblioteke.

1.7 Etiese oorwegings

Die navorsing geskied volgens die riglyne van die Noordwes-Universiteit se etiese komitee.

1.8 Skematiese voorstelling

	Probleemstelling	Doelstelling & Doelwitte	Metodologie
1.	Inleiding		
2.	Watter lig werp die <i>missio-Dei</i> op kerkplanting?	Om in die lig van die Skrifopenbaring, aan te toon hoe die <i>missio-Dei</i> kerkplanting belig.	Verreken eksegetiese vakliteratuur naas analise en interpretasie van missiologiese en ander teologiese vakliteratuur.
3.	Watter lig werp die huidige Suid Afrikaanse konteks op kerkplanting?	Om aan te toon hoe die huidige Suid-Afrikaanse konteks kerkplanting belig.	Analise en interpretasie van beskikbare literatuur en inligting van webwerwe
4.	Wat is die eienskappe vir 'n voorlopige model vir voortgaande gereformeerde kerkplanting in Suid-Afrika?	Om die eienskappe vir 'n voorlopige model vir gereformeerde kerkplanting aan te toon.	Terugskouend op hoofstuk 2 en 3 word gevolgtrekkings gemaak.
5.	Slot		

Hoofstuk 2: Missio-Dei volgens Skrifperspektief

2.1 Oriëntering

2.2 Op weg na 'n definisie vir die term *missio-Dei*

2.3 Trinitariese fundering van die term *missio-Dei*

2.4 *Plantatio Ecclesia*

2.5 Riglyne vir kerkplanting

2.6 Hoofstuk gevolgtrekking

Hoofstuk 2: Missio-Dei volgens Skrifperspektief

2.1 Oriëntering

Die krisis wat die Suid-Afrikaanse kerklandskap ervaar, bestaan in die kwynende getalle van die hoofstroomkerke asook die breë, maar vlak vloei (vgl.1.1) wat ervaar word in die onafhanklike kerkgroepe en dit pleit vir koersgewende Skrifperspektiewe. In hierdie hoofstuk gaan die term *missio-Dei* belig word vanuit die Skrif. Daar sal ook ondersoek ingestel word na die appél wat die *missio-Dei* op die plaaslike kerk maak om diepgewortelde, Skrifgetroue kerke te plant om sodoende die uitbouing van die Koninkryk van God te dien. Bogenoemde gaan behandel word aan die hand van die volgende opskrifte: 1) Definisie van die term *missio-Dei*; 2) Trinitariese fundering; 3) Verbond en *Plantatio Ecclesiae*; 4) Vrug van die Here Jesus se werk op aarde; 5) Bybelse riglyne.

2.2 Op weg na 'n definisie vir die term *missio-Dei*

Karl Barth het die eer om bekend te staan as een van die eerstes wat die missiologiese wêreld bekend gestel het aan die term *missio-Dei* (Bosch, 2011:389-393) alhoewel Barth aanvanklik nooit die term *missio-Dei* gebruik het nie (Coutts, 2011). Bosch (2011:390; vgl. Flett, 2010:11-12; vgl. ook Ott, Strauss & Tennent, 2010:63) is van mening dat Karl Hartenstein, wat 'n vriend van Barth was en van Barth se idees gehou het, ook krediet vir die term behoort te kry. Barth sou egter die deurslag gegee het deur as't ware 'n nuwe teologiese paradigma in te wy wat wegbeweeg van die teologiese denke van die verligtingsera (Bosch, 2011:390). Voor die eerste wêreldoorlog is sending beskou as baie dinge vir baie mense: "...in all these instances, and in various, frequently conflicting ways, the intrinsic interrelationship between christology, soteriology, and the doctrine of the Trinity, so important for the early church, was gradually displaced by one of several versions of the doctrine of grace" (Bosch, 2011:389). Dit was egter eers in 1932 toe Barth na die sending as daad van God gewys het en so die ewewig gebring het (Bosch, 2011:389). Hartenstein het in 1933 in *Die Mission als theologisches Problem*, Barth se siening beaam. Die Tambaram vergadering van die *Internationale Sendingraad* dien as verdere stimulus in 1938 om die gedagte aan *missio-Dei* te vestig by monde van 'n verklaring wat deur 'n Duitse afvaardiging opgestel is en soos volg lui: "through a creative act of God, His Kingdom will be consummated in the final establishment of a new heaven and a new earth" en "We are convinced that only this eschatological attitude can prevent the church from becoming

secularised.” (soos aangehaal deur Bosch, 2011:390). In 1952 het Barth se invloed 'n hoogtepunt op die missionêre landskap bereik by die Willingen kongres waar die idee van die *missio-Dei* helder na vore getree het. Na aanleiding van die kongres is sending direk afkomstig van God. As op hierdie stadium gevra word na 'n definisie vir *missio-Dei*, kan geantwoord word: “Dit is God wat sending doen.” Sending het sodoende die soteriologiese en ekklesiologiese gesentreerdheid afgeskud: “Mission was understood as being derived from the very nature of God. It was thus put in the context of the doctrine of the Trinity, not of ecclesiology or soteriology. The classical doctrine of the *missio-Dei* as God the Father, sending the Son, and God the Father and the Son, sending the Spirit, was expanded to include yet another movement: The Father, Son and the Holy Spirit, sending the Church into the World.” (Bosch, 2011:390; vgl. Goheen 2009:115 e.v). Gegewe so 'n verstaan van *missio-Dei* moet die definisie uitgebrei word: “God Drie-Enig, doen sending deur die kerk.”

Dit is gepas om hier eers die inhoudelike aan die orde te stel, naamlik dat die wese, optrede en daede van God aan sending ten grondslag lê. Hartenstein (soos aangehaal deur Ott, Strauss & Tennent, 2010:63) het in sy verslag aan die Willingen kongres van 1952 die volgende geskryf: “The sending of the Son to reconcile the universe through the power of the Spirit is the foundation and purpose of mission. The *missio ecclesiae* comes from the *missio-Dei* alone.” Derhalwe kan gesê word: “Slegs God Drie-Enig doen sending deur die Kerk.”

Die term *missio-Dei* het egter vele dinge vir baie mense geword “...it was felt that *missio-Dei* was so vague that it could accommodate virtually any form of mission” (Ott, Strauss en Tennent, 2010:65). Ná Uppsala (1968) werk die *Wêreldraad van Kerke* doelbewus met die onderskeid “missions” en “mission” (Ott, Strauss en Tennant, 2010:200 e.v.; vgl ook Bosch, 2011:391). Die gebruik van die woord sending in enkelvoud dui sodoende op dit wat God doen, terwyl die meervoud dui op allerlei menslike pogings en projekte. Hier word Wan (2011) se definisie van sending (in terme van die enkelvoudige gebruik van sending) nagevolg. Sy definisie van die *missio-Dei*, gee die balans goed weer oor hoe daar omgegaan behoort te word met natuur, sosio-ekonomiese herstel en geestelike redding in verhouding tot die *missio-Dei*: “Mission is the Christian (individual) and the church (institutional) continuing on and carrying out the *missio-Dei* of the triune God at both individual and institutional levels, spiritually (saving souls) and socially (ushering in shalom), for redemption, reconciliation and transformation.”

Stetzer (2010:3; vgl. ook Allen 2011: ligging 337-338) merk tereg op dat 'n gebrek aan behoefte na groei en uitreik ervaar word as 'n gemene deler onder kerke wat nie numeries groei nie en selfs 'n minimale impak blyk te hê op die omgewing. Hierdie tendens is nie

uniek aan Amerika nie, maar blyk ook plaaslik hier in Suid-Afrika 'n rol te speel (vgl. Bischoff en Schoeman, 2008; Fourie, 2012:30 e.v.). Kwiyané (2012) identifiseer twee strome in die missiologie ten opsigte van *die missio-Dei* : (a) *missio-Dei* as model langs ander modelle (eksponente is onder andere: Bevans, Schroeder en Bosch); (b) *missio-Dei* word gesien as die enigste bril waardeur na sending gekyk behoort te word (eksponente is onder andere Newbigin, Guder en van Gelder). Om ons te plaas binne een van die strome is dit nodig om 'n ondersoek in te stel na die *ecclesiae* wat deur die *missio-Dei* gevorm word. Eerstens sal daar ondersoek ingestel word na die Trinitariese fundering van die *missio-Dei*. Daarna word gekyk na die term *plantatio ecclesiae* en of dit grondslag vind in die Woord. Die vraag word ook gestel of die *plantatio ecclesiae* uit die *missio-Dei* ontstaan.

2.3 Trinitariese fundering van die missio-Dei

Die Willigen kongres van 1952 het nie net die term *missio-Dei* laat ingang vind nie, maar het ook die term gewortel in die Triniteitsleer: “The missionary movement of which we are a part has its source in the Triune God himself.” (Love, 2010). Sonder om diepgaande en omvattend daaroor te besin kan in die lig van Romeine 11:36 reeds van harte saamgestem word. Die liefde van God as die Vader word as beweegrede vir sending aangedui: “Out of the depths of His love for us, the Father has sent forth his own beloved Son to reconcile all things to Himself, that we and all men might, through the Spirit, be made one in Him with the Father in that perfect love which is the very nature of God.” (Love, 2010).

2.3.1 God die Vader en die missio-Dei

God die Vader se verlossingsplan insake die volkere openbaar Hy aan Abraham in Genesis 12:2;18:18; aan Isak in Genesis 26:4 en aan Jakob in Genesis 28:14 met die woorde “in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën wees” (OAV, vgl. Greidanus 2007:142 e.v.; Wright, 2010:66 e.v.). Hierdie belofte en seën is vervul as deel van die *missio-Dei* (vgl. Greidanus, 2007:177 wat in dié opsig Gen.17 bind aan Matt. 28:19). De Villiers (1977:80 vgl. van Eck, 2009:109; Thompson, 2011:108,156 e.v.) meen dat die (ἀναστήσας) i.e. “opwekking” in Handeling 3 vers 26 dui op die uitstuur van die Seun deur die Vader. Die seën is egter nie beperk tot Israel nie, alhoewel die seën eerste na Israel gekom het. As 'n pand van God se belofte (Gen 17:5), verander Hy אֲבִרָם, i.e., geëerde vader, na אֲבִרָהָם, i.e., vader van die menigtes. Met hierdie daad van God dui God daarop dat Hy volkere gaan skape en dat die visie vir Sy genade, menigte van volkere is (Jamieson *et al*, 1997; vgl. Greidanus, 2007:142 e.v.). God is dus nie net die Skepper nie, maar Sy plan as Skepper sluit die verlossing van die menigtes (Ethnos) in (Young, 2011:104 e.v.; Wright, 2010: 63 e.v.).

In die praktyk van die Ou Testamentiese gelowiges, kon die uitlewing van die visie van God om die nasies te bereik as sentripetaal beskryf word. Die volkere moes na Israel kom sodat hul Hom daar kon ontmoet en aanbid (Ott, Strauss & Tennent, 2010: 25,26 en 37). In die Nuwe Testament kan die uitlewing van dieselfde visie as sentrifugaal beskryf word waar God die gelowiges stuur na die nasies, sodat Hy bekend kan word aan die nasies en hul Hom kan eer en dien (Ott, Strauss & Tennent, 2010:37). Keller (2012, ligging 4077; vgl Timmer, 2011:132) wys daarop dat Jona 4:10-11 'n voorafskaduwing van die sentrifugale Nuwe Testamentiese sending-orïentering is. 'n Parallel kan getrek word tussen die liefde en besorgdheid oor die stad Nineve (Wolff, 1977:146-151; 149-151; Sasson, 1990:320; vgl. ook Nixon, 2003:214; Simundson, 2005:280 e.v.) en God se verlossingsplan, liefde en besorgdheid oor die volkere: "It also draws the reader into the progressive unfolding of God's intention to bless all nations through his chosen people" (Timmer, 2011:17; Stuart,1987:495 e.v.). Simon (1999:viii-x) bestry egter so 'n uitleg, hoewel hy erken dat dit vroeër ook deur Joodse Skrifverklaarders gehandhaaf is. Met verwysing na God se liefde en besorgdheid teenoor die volkere moet melding gemaak word dat dit nie los beskou kan word van die liggaam van Christus, i.e. die kerk van Christus nie. Kritzinger (2007:29 e.v.,41 e.v.) verwys in hierdie verband hoe God, die Here Jesus en uiteindelik die hele kerk as liggaam van Christus stuur na die wêreld om te dien.

Hierdie verlossingsplan het sy wortels in die skeppingsverhaal (Horton, 2011:35 e.v.;vgl. ook Greidanus, 2007:52), waar die deernis van God teenoor die mens (Adam) uitgebeeld word (Von Rad, 1985:57; Vosloo, 1999:18). Dit is Bavinck (1960:12 e.v.; vgl. Greidanus, 2007:177) wat die skeppingsverhaal aan die opdrag van die Here Jesus in Matt. 28:19 koppel. Die kerk (as die nuwe mensheid) is dus deel van God se herskeppingsplan, sy nuwe verbond (Groenewald, 1980:314). Soos Webber (2008:75) waarsku, moet daarteen gewaak word om die Christelike boodskap te reduceer tot 'n private sielsaangeleentheid. God is tegelykertyd Skepper, Verlosser en Herskepper. God-Drieenig is aktief by sowel die skepping as die verlossing. In feite verlos God juis wat Hy geskape het (Rom 8; vgl. Moo, 1996:517). In die menswording van Christus kan die Vader die werke van sy hande nie laat gaan nie, maar wil Hy juis die ganse geskape werklikheid met Homself versoen waarvan die mens as kroonjuweel die voorreg het om die Vader te herontdek en te bely (Webber, 2008:23-35, 75 e.v., 120). In Christus vernuwe die Vader die mens en maak die mens deel van Sy verlossingsplan (Bosch, 2011:101 e.v.). God die Vader is die Soewereine wat die ganse geskape werklikheid in Sy hand hou en regeer. Hy het hierdie mag aan Christus oorhandig (Hesselgrave, 2000:19).

2.3.2 God die Seun en die missio-Dei

Die Here Jesus is deur die Vader gestuur (Joh. 16:5-11) en was getrou en gehoorsaam aan die Vader in die uitvoering van die Vader se opdrag (Joh. 12:49). Sy leer en lewe was die openbaarmaking van die Vader (Johannes 14:7; vgl. Groenewald, 1980:310 asook Beasley-Murray; 1987:253; Carson, 1991:493 e.v.; Ridderbos, 1997:495 e.v.; Van Rensburg, 1999:1355; Van Houwelingen, 2007:293). Hy doen niks wat nie van die Vader is nie. Hy gee redding aan die wat die Vader geroep het (Johannes 17:1-5; vgl. Van Rensburg, 1999:1360). Hy was gestuur sodat die Vader verheerlik kan word (Groenewald, 1980:344 e.v.; Carson, 1991:555; Ridderbos 1997:548 e.v.; Van Rensburg, 1999:1361). Beasley-Murray (1987:294; Van Rensburg in Vosloo en Van Rensburg, 1999:1360; vgl. ook Van Houwelingen, 2007:337) beskryf Sy gebed in Johannes 17 as 'n openbaarmaking en onderrigting aangaande sy sending op aarde.

Die beskrywende woord wat die Here Jesus self aan sy missie hier op aarde kom gee het, is onder andere 'dien' (Kritzinger, 1979:149; vgl. ook Burnard, 2011:32 e.v). Hy doen dit wel in Markus 10:45 "Want die Seun van die mens het ook nie gekom om *gedien* te word nie, maar om *te dien* en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie. (OAV)" (klem bygevoeg deur navorser). Sy '*dien*' op aarde spruit voort vanuit sy '*koinonia*' met die Vader wat Hom gestuur het uit liefde vir die wêreld (Joh. 3:16; vgl. Piper, 2009:154 e.v.; Carson, 2010:141). Die Here Jesus se liefde vir die wêreld en Sy opdrag soos ontvang van die Vader word in Johannes 16:5-11 met mekaar verbind (Groenewald, 1980:333; vgl. Ridderbos 1997:534 e.v.). In Johannes 16:5 verklaar Hy dat Hy weggaan na "...Hom toe wat My gestuur het..." (OAV). Die Here Jesus wil die droefheid wat sy woorde laat uit die harte van die dissipels weer deur aan hul te toon dat Sy weggaan die stuur van die Gees as Trooster voorafgaan (Beasley-Murray, 1987:279; Carson, 1991:533). In die daaropvolgende hoofstuk, te wete Joh. 17 kom die *koinonia* sterk na vore waar die Here Jesus tot die Vader bid, maar in die konteks van die *missio-Dei*: "the prayer is ... a portrayal of the sovereign way in which Jesus, as the one sent by the Father, returns to his sender, asking to be discharged from the work that he has completed, but also praying for its continuation by the Father Himself" (Ridderbos, 1997:547). In Sy omwandeling word sy afhanklikheid van die Vader beklemtoon deurdat Hy telkemale gebid het tot die Vader (Joh. 17:1; Luk. 9:18; Luk. 11:1 e.a.).

Die Here Jesus se wonderwerke dien telkemale as teken van Sy roeping om die Vader te verheerlik (Joh. 11:4; vgl. Groenewald, 1980:253; Ridderbos 1997:387). Deur Sy wonderwerke kan die kerk die barmhartige God raak sien wat met groot teerheid en liefde met sy kudde omgaan (Groenewald, 1980:253; Carson, 1991:406 e.v.; Ridderbos, 1997:387).

Die Here Jesus is dus die gestuurde dienaar, maar terselfdertyd ook die uitsturende God (Hesselgrave, 2000:19; vgl ook Vos in Hyde & Lems, 2011:7 e.v. asook Doriani in Strawbridge *et al*, 2003:35). Ridderbos (1997:548; vgl. Van Houwelingen, 1997:337) beskryf die verhouding tussen die Vader en die Seun en die Seun se houding ten op sigte van die *missio-Dei* meesterlik: "Without His presence in heaven, the continuation of His work by the Father is inconceivable". Verbonde en gebonde aan die Vader gee die Here Jesus die bevel aan die dissipels om na die nasies te gaan en Hom as Evangelie dienend te verkondig (Matt. 28:18-20; Mark. 16:15, Luk. 24:46-49; Joh. 20:21, Hand. 1:8; vgl. Hesselgrave, 2000:20). In Hom breek die "genade jaar" van God aan (Luk 4:18; Van Bruggen, 1996:120; e.v. Bosch, 2011:101 e.v.), wat vir baie 'n nuwe lewe inhou.

2.3.4 God die Heilige Gees en missio-Dei

Soos die Here Jesus niks doen wat nie van die Vader kom nie, doen die Gees niks wat nie van die Vader én die Seun kom nie (Van Houwelingen, 2007:323). Met die uitstorting van die Heilige Gees het die Gees by monde van Petrus, die groot daad van God die Vader én die Seun verkondig (Hand. 2:14-36; vgl. De Villiers, 1977:31; Barrett, 1994:129). Soos reeds gesien, lees ons in Johannes 14 dat die Gees as Trooster dien wat deur die Seun gestuur word. Die troos wat die Trooster bied, word gevind in wat die Gees openbaar oor Jesus en die Vader se doen en late (Groenewald, 1980:305 e.v.; vgl ook in dié verband Johannes 16:5-11).

Christus beveel die dissipels om in Jerusalem te bly en derhalwe nie met hul ampswerk te begin alvorens hul toegerus sal word met die Heilige Gees nie (Luk 24:49; vgl. ook Ef. 4:11-12). Ott, Strauss & Tennent merk op dat die uitvoering van die bevel van die Here Jesus om dissipels te maak (Matt. 28:19) deur die uitstorting van die Heilige Gees voorafgegaan word: "He makes clear that the mere giving of the command does not constitute immediate marching orders. Rather, the disciples are to wait for the coming of the Spirit. Only after they have received power will the age of the Spirit be fully initiated and the spread of the gospel to the nations begin in earnest." (Ott, Strauss & Tennent, 2010: 38-39; vgl. Hesselgrave, 2000:23)

Die belofte van die krag wat die dissipels sal ontvang (Hand. 1:8) met die uitstorting van die Heilige Gees, het ten doel om die nasies te bereik met die Evangelie (Lange, 1872:16; Wytzes, 1947:173; Thompson, 2011:103 e.v.). Die dissipels sou die Here Jesus se getuies wees en aan die nasies Sy daad verkondig (De Villiers, 1977: 31-32). "The Easter message can be brought to the nations only by the reality of the Pentecost." (Blauw, 1961:89). Thompson (2007:103) sien die belofte van die Here Jesus (Hand. 1:8) as 'n vooruitskouing

van hoe die res van Handeling homself sal afspeel. Met die uitstorting van die Heilige Gees op pinksterdag, het hierdie beloftes bewaarheid geword en die Evangelie het versprei vanuit Jerusalem (Blauw, 1961:89; Guder, 1998:145; Ott, Strauss & Tennent, 2010:39; Bosch, 2011: 88 e.v.) en is steeds besig om te versprei na die uithoeke van die aarde (Garrison, 2009:646 e.v.; Mandryk in Winter & Hawthorne, 2009:361 e.v.)

2.1.2.4 Implikasies vir Ekklesiologie

In die Skrif openbaar God die Vader Homself as die Een wat die redding van die nasies van die begin af beoog het (Young, 2011:10 e.v., in dié verband gee Young toe dat die profete oor die redding van die nasie geprofeteer het, alhoewel Young dit nie op die voorgrond stel nie). In sy Wese hou God in liefde Sy reddende hand na die volkere uit (Tennent, 2010:106; Young, 2011:12). In Gen 3:21 lees ons dat God die naakte mens geklee het met dierevel. Hieruit kan ons aflei dat God in wese 'n barmhartige God is (Greidanus, 2007:83). Hierdie verskynsel vind ons ook duidelik in Eksodus 12 (vers 7) met die instelling van die Pasga waar die bloed van die lam as teken van verlossing moes dien. Elke keer as Israel van die lam eet moes hul daaraan dink dat hul verlos is deur die dood. Met die instelling van die nagmaal op die pasga dui die afwesigheid van die Lam by die paasmaal dat die Here Jesus as die Christus die simboliese vervulling van die lam is (De Klerk, 2011). Derhalwe word die bedoeling van verlossing van die Vader, voortgesit in die Here Jesus self. Die Here Jesus word dus die plaasvervangende offer wat Sy lewe skenk in ons plek.

Die Heilige Gees is, soos reeds aangedui onder punt 2.1.2.3, die kragbron wat die kerk van Christus in staat stel om die Vader en die Seun se visie van redding vir die nasies voort te sit. Derhalwe het die Vader, die Seun en die Heilige Gees dieselfde bedoeling vir en opdrag aan die kerk (Dodds, 2012:393 e.v.). Soos die Seun die openbaring van die Vader is (Groenewald, 1980:310; vgl. Beasle-Murray, 1987:253 se kommentaar oor Johannes 14:7, asook Van Houwelingen, 1997:293) en die Gees die openbaring van die Vader én die Seun is (Van Eck, 2009:34), so moet die kerk die Vader, die Seun en die Heilige Gees duidelik maak as die Drie-Enige God aan 'n ongelowige wêreld (Kritzinger, 2007:28-30). Die kerk se barmhartige ontferming oor 'n verlore gaande wêreld is die lakmoestoets vir ware geloof: "Though we are all lying in our own blood spiritually bankrupt and lost, yet God has provided spiritual wealth for us. He impoverished his Son so that his spiritual riches, his righteousness, could be given to those who believe" (Keller, 1997:59 in sake die Barmhartige Samaritaan - Matt. 5).

2.3.5 Voorlopige gevolgtrekking

Gegewe voorafgaande bespreking word die term *missio-Dei* in hierdie navorsingsverslag verstaan as 'n Trinitariese konsep. Die groot sendingopdrag van die Here Jesus in Matt. 28:18-20 kan nie so gelees en verstaan word as sou die Vader, die Seun en die Heilige Gees nie God-Drieenig wees nie. Dit is die Vader wat aan Christus alle mag en krag in hemel en op aarde gee. Christus is die boodskap, die opdrag is om Christus se daade te verkondig. Die kerk kan dit slegs deur die Heilige Gees doen wat van die Vader én die Seun uitgaan. Die Vader én die Seun stuur die Heilige Gees waardeur die hele kerk (dus elke gelowige) van die daade van Christus getuig. Die Vader se ontferming in Christus deur die Heilige Gees oor 'n verlore wêreld vorm vir die kerk die lakmoestoets in elke betrokkenheid by die wêreld. So gesien word gekies vir die tweede stroming waarvan Kwiyane praat naamlik, *missio-Dei* is die enigste bril waardeur daar na sending gekyk behoort te word. Skriftuurlik gesproke kan *missio-Dei* nie maar bloot 'n model naas ander modelle wees nie.

2.4 *Plantatio Ecclesia*

God stuur Sy hele kerk, maar God gee ook spesifieke gawes deur die kerk aan die wêreld: "We should not subordinate mission to the church nor the church to mission; both should rather, be taken up into the *missio-Dei*, which now become the overarching concept. The *missio-Dei* institutes the *missiones ecclesiae*. The Church changes from being the sender to being the one sent" (Bosch, 2011:370). Heilshistories sien ons die *missio-Dei* as uitgangspunt optree met pinksterdag. Hoewel, volgens Matt. 28, die dissipels alreeds die opdrag om na die volkere heen te gaan van die Here Jesus ontvang het, vind die uitvoering pas plaas met die uitstorting van die Heilige Gees. Bemagtig deur die Heilige Gees wat van die Vader en die Seun uitgaan word getuig van die groot daade van God in Christus. God stuur Sy kerk om sy liefde en genade en om God self aan die wêreld bekend te maak. Driscoll & Breshears (2009:217) is van mening dat kerkplanting sy kiem het in die opdrag van Christus in Matt. 28: "Jesus speaks of going, evangelizing, making disciples and planting churches that plant churches..." God se plan van verlossing is dus deur die kerk en Hy het geen spreekwoordelike plan B, oor hoe Hy die Evangelie wil kommunikeer aan die wêreld met al sy seer nie (Patrick, 2010:181). In die boek Handelingte sien ons hoe die verloop van sending, die plant van kerke as resultaat het (Hesselgrave, 2000:23 e.v.). In die eerste plek sien ons hoe dat 'n 120 dissipels onder leiding van 12 ampsdraers (apostels) wag op die uitstorting van die Heilige Gees. In die bestek van 'n paar paragrawe word die kerk in sy kiem vir ons geskets. Wentzel (1989:30-59) wys daarop dat die Here Jesus gedurende sy aardse optrede die bedoeling gehad het om 'n *Ecclesia* met vaste strukture te vestig. Die kerk van die nuwe verbond is die gemeente waarin God se verbondsbeloftes van geslag tot

geslag vervulling ontvang het. Daar is dus kontinuiteit tussen die ou verbond met sy instellings en seremonies en die nuwe verbond waarin die Here Jesus sy Gees skenk. Die Messiaanse beweging stroom dus deur die verbondsbedding heen om uit te mond in 'n struktuur met 'n vaste en duursame karakter. Ons kan die 120, so gesien, beskou as die vorming van 'n gemeente onder leiding van die apostels met die oog op die nuwe bedeling. Dit is 'n bedeling waar die volk van God as gestuurdes onder leiding van die Heilige Gees na alle volke gaan. Iets van wat Voetius (vgl. Van Andel 1912:148) verstaan onder kerkplanting sien ons reeds terug by die Here Jesus se werk op aarde.

Hoe het dit gekom tot hierdie groep van 120? Die Seun van God het as gestuurde uit die verbondsvolk hulle geroep wat *hoorders* sou word. Die *hoorders (auditores)* het in feite gegroei tot *leerlinge (catechumeni)* die leerlinge het gegroei tot *getuies* oftewel diegene wat Hom as Christus bely voor die mense (*competentes*). Die getuies dien pas as *lidmate (membra ecclesiae)* van die eerste gemeente. Dit is hierdie eerste gemeentede wat *gemeenskap van die heiliges (communio sanctorum)* beoefen onder opsig van die apostel amp.

Wat is dus kerkplanting? Kerkplanting is wanneer die Vader en die Seun deur die Heilige Gees met die Heilswoord van God, onder leiding van die ampte, uit die volkere 'n plaaslike sigbare geloofsgemeenskap daarstel wat die Here Jesus as Messias bely en met mekaar gemeenskap beoefen.

2.4.1 Messiaanse beweging met die oog op die volkere

Bosch (2011:57 e.v.) het reeds 'n wêreldbekende bydrae gelewer om na aanleiding van die boeke Mattheus, Lukas en Handelingte die *missio-Dei* aan te toon, asook die invloed daarvan op kerkbegrip. Daar is ruimte om nog verdere studie te doen, maar wel vanuit die Johannes Evangelie. Newbigin (vgl. Goheen, 2000:179) wys in hierdie verband op die betekenis van die Johannes Evangelie. 'n Beperking word hier aan die navorsingsverslag opgelê. Hier word slegs gefokus op Johannes 12:20-24.

2.4.1.1 Jesus se sending

Die bedoeling van Christus se sending was dat die geloofsgemeenskap na sy dood sal vermeerder en ook alle volke oor kultuurgrense heen sal insluit. Johannes 12 is reeds koersgewend met die oog daarop. Die Ἕλληνές wat in vers 20 die versoek rig om met die Here Jesus te spreek verdien aandag. Daar moet vasgestel word of Ἕλληνές in vers 20 na Jode verwys en of dit na nie-Jode verwys. Indien Ἕλληνές op nie-Jode wys dan is Jesus se

hantering van die groep en Sy reaksie op die groep van belang, omdat dit dan verband hou met die volkere.

2.4.1.2 Wie was die Ἕλληνές?

Jamieson *et al* (1997; vgl. Wiersbe, 1996; vgl. ook Beale & Carson, 2007:476) wys daarop dat die Ἕλληνές nie Jode is nie, maar wel Grieke wat kom aanbid het in Jerusalem. Volgens Bavinck (S.A.: 404; vgl. Howley, Bruce & Ellison; 1969:274; Morgan, 1976:211; Carson, 1991:436; Köstenberger, 2004:377) is hier van Grieke sprake met heidense afkoms. Hulle aanwesigheid in die tempel (in die voorhof van die heidene) dui daarop dat hulle Israel se God aanbid. Friberg, *et al.*(2000:144; vgl. Zodiathes, 1994:569) dui die normale woord betekenis aan: “ Ἕλλην, ηνος, ὁ Greek, Hellene; (1) culturally, a person of Greek language and civilization, Greek (RO 1.14), opposite βάρβαρος (foreigner); (2) in a religious sense Gentile, non-Jew, pagan (JN 7.35), opposite Ἰουδαῖος (Jew)”.

Dit lyk redelik om af te ly dat Ἕλληνές hier dui op nie-Jode. Nou bestaan die vraag na die betekenis daarvan dat dit juis Grieke was wat na die Here Jesus gekom het. Voortspruitend uit die vraag word gekyk na die Here Jesus se reaksie op die versoek van die Ἕλληνές.

Walvoord *et al* (1983-1985:317) is van mening: “The mention of Greeks is significant. They were the wanderers of the ancient world and the seekers of truth. These Greeks were probably God-fearers who attended Jewish synagogues and feasts. Their coming was symbolic of the coming of Gentiles to worship God through Christ”. Voordat hierdie mening van Walvoord *et al* oorgeneem kan word is dit belangrik om die woordgebruik van vers 20 te lees in verband met vers 21-23. Die Ἕλληνές loop nie direk na die Here Jesus nie maar rig 'n versoek aan Filippus as tussenganger om met Hom te spreek. Om Filippus aan te spreek as 'Kyrie' (Carson 1991:145), toon alreeds hul respek, teenoor die Here Jesus (vgl. Morgan, 1962:216). Hulle verlang 'n gespreksgeleentheid met die Christus (Groenewald, 1980:277; Köstenberger, 2004:377). Lindars (1972:427) bring hulle versoek in verband met vers 29 want: “...the Church of the Gentiles had to believe without seeing”. So kan afgelei word dat in die versoek reeds die kiem lê dat die Christus onder andere besig is om selfs die nie-Jode voor te berei vir die Nuwe-Testamentiese *Ecclesia*. Filippus se reaksie op die versoek bevestig dat daar 'n mate van spanning is by die dissipels of die Christus hul sal aanhoor (vgl. Groenewald, 1980:277; Van Houwelingen, 1997:257). Hierdie spanning dien as bewysplaas dat dit nie sommer meer net aanvaar is dat Jesus die Ἕλληνές sou aanvaar nie. Vir die dissipels was die Ἕλληνές se versoek buite die normale daaglikse omgang van Jesus en sy dissipels (Carson, 1991:438).

Die Here Jesus antwoord op die versoek in Joh 12:23: "Die uur het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug" (OAV).

Vrae vooruitspruitend uit Sy antwoord is:

- a) Wat is die bedoeling van "...die uur het nou gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word?"
- b) Waarop dui die koringkorrel wat in die grond val en sterf?
- c) Waarop dui die "veel vrug?"
- d) Hoe vorm ons deel van "in die grond val en sterf?"

2.4.1.3 Wat is die bedoeling van "...die uur het nou gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word?"

Die koms en versoek van die Grieke word deur Christus beskou as 'n belangrike gebeurtenis (Morris,1995:526). Sy sending op aarde het die klimaks bereik. Die uur het gekom dat Hy moet sterf vir die Jood en die nie-Jood (Griek). Tot dusver het Jesus daarna verwys dat Sy uur nog nie gekom het nie (Joh. 7:30 en 8:20) nou het die uur gekom as 'n uur van verheerliking (Schnackenburg, 1980:382; Michaels, 1989:223; Morris, 1995:526). Morris (1995:526; vgl. Köstenberger, 2004:378) vat saam: "The Gospel, is a Gospel for the whole world only because of the cross. The verb "has come" is in the perfect tense... there is no turning back now... his "hour" there is no doubt but that Jesus is referring to his death. He is not to be dishonored; he is to be glorified and that by the way of the cross."

2.4.1.4 Waarop dui die "Koringkorrel wat in die grond val en sterf?"

MacArthur (1997:elektroniese bron; Joh. 12:24; vgl. Godet, 1970:220; Köstenberger 2004:378) verklaar dit soos volg: "As the sown kernel dies to bring forth a rich harvest, so also the death of the Son of God will result in the salvation of many." Waar Jesus in vers 23 praat van sy dood, verklaar Jesus sy dood deur middel van 'n gelykenis in vers 24 (Michaels,1989:223; Carson, 1991:438). Vers 23 en 24 moet dus as't ware as 'n eenheid gelees word. Bruce (1976:264) wys op die verband tussen verse 23 en 24 soos volg aanmekaar: "In verses 23 and 24, his death is spoken of in two ways: first of the gloryfying of the Son of Man, and then, under the figure of the seed being sown in the earth to produce a plentiful harvest." Ook Köstenberger (2004:378) wat daarop wys dat die koringkorrel wat

moet sterf in die Rabbynse Literatuur deurgaans met 'n eskatologiese perspektief bejeën word.

2.4.1.5 Waarop dui die “veel vrug?”

Soos reeds vermeld is die “veel vrug” of “groot oes” die gevolg van die koringkorrel wat moet sterf. Hierdie sterf dui op die kruisdood van Jesus (Bruce, 1976:264; Groenewald, 1980:278; Carson, 1991:384). Newman & Nida (1980:406; vgl. Van Houwelingen, 1997:258 e.v.) merk op dat die afsterwe van die Here Jesus en die veel vrug wat opgelewer word, verband hou met die dood van Christus: “makes possible the gathering in of the Gentile believers.” Hierdie inbring van die “Gentile Believers”, hou verband met die Grieke wat gekom het, sonder dat hulle die volle omvang besef het, om die Gesalfde te sien (vers 20; vgl. Köstenberger, 2004:378). Die Vader word in Christus verheerlik deur die groot oes wat ingesamel word. Christus is die brood van die lewe wat dien as geskenk vanuit die hemel (6:35-39), asook die Een wat moes sterf sodat ander kan lewe (11:49-52; vgl. Carson, 1991:438; Köstenberger, 2004:377).

2.4.1.6 Elke gelowige moet Jesus volg

Johannes 12:20-50 speel af voor 'n viervoudige gehoor te wete die Grieke, sy dissipels, die hele groep mense daar teenwoordig, asook die Joodse leiers wat geglo het, maar wat te bang was om dit te bely (Groenewald, 1977:278; Beasley-Murray, 1987:212; Breed, 2012:2 e.v.) Die viervoudige gehoor is van belang, want dit is verteenwoordigend van elke liewe mens op aarde. Die viervoudige gehoor (25; vgl. Van Houwelingen, 2007:270) sien so daar uit: (a) dié wat gebore is in die geloof (Jode), (b) die wat glo, maar om welke rede ookal, dit nog nie bely het nie, (c) dié wat buite die geloof was en tot bekering gekom het (die Grieke) en (d) selfs die skares (wat moontlik skyngelowiges ingesluit het), moet weet dat hul die opdrag het om Jesus te dien en te bely. Wie sy eie lewe meer liefhet as vir Christus en derhalwe Jesus nie bely nie, sal sterf.

2.4.2 Messiaanse beweging deur die Gees

In Handeling 1:1-6 lees ons dat Jesus wel 'n groep gelowiges agtergelaat het om in Jerusalem te wag op “die belofte van die Vader, wat julle ... van My gehoor het” (vers 4; OAV). Van Eck (2009:31; Newman & Nida, 1972:15; Bruce, 1976:69) toon aan dat die belofte van die Vader op die Heilige Gees dui. Die groep gelowiges in Jerusalem moes dus wag op die Heilige Gees se koms alvorens hul die opdrag van die Here as gestuurdes kon uitvoer. Die koms van die Heilige Gees word deur die sterwe, opstanding en hemelvaart van Jesus voorafgegaan. As bevestigende voortvloeiende van die *missio-Dei* rus die Heilige Gees

met op Pinksterdag die dissipels toe om in die tale van heidene te praat “oor die groot dinge wat God gedoen het” (Hand. 2:11). Die direkte gevolg hiervan is dat omtrent drie duisend mense op daardie dag by die getal van die gelowiges gevoeg word (Hand. 2:41; vgl. Van Eck, 2009:81. Van Eck sien God as die handelende persoon in die vers). Die Here Jesus se kerkplanting, so gesien, gee aanleiding tot kerkgroei.

In Handeling 11:22 lees ons van dieselfde groep (Van Eck, 2009: 255 e.v.): “Ἠκούσθη δὲ ὁ λόγος εἰς τὰ ὄρια τῆς ἐκκλησίας τῆς οὔσης ἐν Ἱερουσαλήμ περὶ αὐτῶν καὶ ἐξαπέστειλαν Βαρναβᾶν [διελθεῖν] ἕως Ἀντιοχείας”. Dit is duidelik dat hier in vers 22 gepraat word van die ἐκκλησίας in Ἱερουσαλήμ (Van Eck, 2009:256). Ons kan dus die afleiding maak dat die dissipels van Handeling 1, wat Christus agtergelaat het in Jerusalem, om te wag op die Heilige Gees, nou as 'n *Ecclesia* of Kerk bekend staan, wat ander kerke plant onder die volkere. Die term *Ecclesia* beteken uitgeroepenes.

In Handeling 2, 10 en 11 word egter nie net van die *Ecclesia* in Jerusalem gepraat nie, maar ook hoe dat die aantal gelowiges deur die *Ecclesia* in Jerusalem buitengewoon gegroei het na ander plekke (Bruce, 1968:239) soos Fenicié, Ciprus en Antiochië (vgl. Hand 11: 21,24). Die gevolgtrekking is dus dat kerkplanting verband hou met kerkgroei. Kerkplanting is nie sinoniem met kerkgroei nie. Die vermeerdering van die aantal gelowiges (hier kerkgroei genoem) is wel duidelik die gevolg van kerkplanting. Waar kerkplanting plaasvind hou dit verband met 'n dinamiese en vitale vermeerdering van getalle. Hierdie kerkplanting het plaasgevind volgens Sy belofte naamlik in Jerusalem, maar deur die kerkplanting sien ons ook kerkgroei. Die kerk, groei dus as't ware deur kerkplanting heen. Sodoende bestaan daar 'n duidelike verband tussen kerkplanting en kerkgroei in die *missio-Dei*. Kerkplanting is gefundeer in die *missio-Dei*, maar lewer as vrug kerkgroei. Die Vader verrig in Christus en deur die Heilige Gees hierdie kerkplanting en kerkgroei. Die opdrag van Matt. 28:19 geld as vrug van wat God-Drieenig gedoen het en waarmee die kerk besig moet wees. Die 120 van die bokamer in Hand. 1 word dus beskou as 'n *Ecclesia* (De Villiers, 1983:235; vgl. Van Eck, 2009:256). Hierdie *Ecclesia* het die opdrag soos in Mattheus 28:19 ontvang en is besig met die uitvoering daarvan in die verloop van die boek handeling (Grosheide, 1941:179; Morris,1992:745; Schnackenburg, 2002:299). Hierdie groep uitgeroepenes of *Ecclesia* vorm deel van die nuwe volk, bekend as die Kerk (kuriake = die Here s'n) wat God oral vergader uit elke volk, taal, stam en nasie wat God (vgl. Openb. 5:9; Charles, 1920:146; Van de Kemp, 2002:186 e.v.; Gardner, 2008:87).

In die praktiese uitlewing van die groot opdrag het die nuwe gelowiges hulself as't ware verloën ter wille van die uitbreiding van die Koninkryk van God. Hul het selfs hul aardse

besittings prysgegee ter wille van die ander gelowiges (Hand. 2:45; Van Eck, 2000:87 wys daarop dat die Essene ook die beginsel van gemeenskaplike besit gehad het, maar dat die Christene in hierdie verband vrywilliglik gedeel het terwyl die Essene se wette dit vereis het). Hul was gereeld bymekaar en het op gereelde grondslag aan die maaltyd deelgeneem (Hand. 2:46). Daar kan ook 'n verband gevind word tussen die maaltye en die groei in getal gelowiges (Hand. 2:46 en 47; vgl. Wepener, 2010:100). Die maaltye aan huis dui die skuif aan vanaf tempel na die groepering van gelowiges aan huis (Van Eck, 2009:87). Hierdie Koinonia of eenheid (Van Eck, 2009:86) is in diens gestel van die ander as deel van die *Ecclesia* sodat die nuwe gelowiges toegerus kon word vir hul dienswerk (vgl. Eims, 1978:42; Wepener, 2010:100).

2.4.3 Voorlopige Gevolgtrekking

Plantatio Ecclesiae kom voort vanuit die *missio-Dei* en is dus die direkte gevolg van die *missio-Dei*. Die Here Jesus as Christus plant as't ware, in vervulling op die Ou Testamentiese beloftes die eerste kerk te Jerusalem wat volwaardig getuig van die volle Godsopenbaring te wete: Vader, Seun en Heilige Gees. Alle kerkvermeerdering na Christus is dus bekendmaking van asook vrug van God Driening. Waar die kerk krimp word ernstige te kort gedoen aan die *missio-Dei*. Netso waar die kerk gebrek ly aan diepgang word te kort gedoen aan die *missio-Dei*. Om te voldoen aan die *missio-Dei* moet kerkplanting en kerkgroei begin, voortgesit word en voleindig as vrug van die *missio-Dei*. Slegs wanneer kerkplanting en kerkgroei so plaasvind kan daar sprake wees van 'n Gereformeerde model.

2.5 Riglyne vir kerkplanting

'n Werkbare en praktiese, Bybelsgefundeerde definisie van die lokale, sigbare kerk is die van Driscoll & Breshears (2009:38): "The local church is a community of regenerated believers who confess Jesus Christ as Lord. In obedience to Scripture they organize under qualified leadership, gather regularly for preaching and worship, observe the biblical sacraments of baptism and Communion, are unified by the Spirit, are disciplined for holiness, and scatter to fulfill the Great Commandment and the Great Commission as missionaries to the world for God's glory and their joy." Gegewe 'n heilshistoriese kerkbegrip moet hier nader aangedui word dat die plaaslike kerk as 'n verbondsgemeenskap verstaan word (Ngb. Art. 29). Die meeste van die inhoud van Driscoll & Breshears se definisie is reeds bespreek in hoofstuk 2. Hoofstuk 2 het tot dusver grotendeels gehandel oor die Bybelse fundering van die missio-Dei en die uitvloeisel van die missio-Dei wat die planting van nuwe geloofsgemeenskappe veronderstel.

Agt aspekte rakende kerkplanting is belangrik, naamlik:

1. die gelowige met die bewussyn van *die missio-Dei* sal arbei en die opdrag daaruit voortspruitend sal arbei,
2. die gereformeerde kerkplanting sal klem lê op die barmhartigheidsdiens,
3. die gemeenskap van gelowiges Jesus Christus as Here bely,
4. in gehoorsaamheid aan die Gees en gegewe die omstandighede word leiers aangewys,
5. gereelde byeenkomste rondom die Skrif en die aanbidding sal plaasvind,
6. gereelde liefdesmaaltye, soms ook Sakramentsbediening, sal insluit,
7. hulle aan die breër geloofsgemeenskap sal verbind,
8. hulle besig sal wees om die Evangelie te versprei na die nasies t.w.v. God se eer en hul volkome blydskap.

2.5.1 Opdrag-bewus

Daar is reeds onder punt 2.1.3.2.7 wat handel oor *Elke gelowige moet Jesus volg* verwys na die viervoudige gehoor op wie Jesus se appél gerig was. Die afleiding is gemaak dat elke gelowige 'n gestuurde van die Here is met die opdrag om Jesus te bely. Hierdie opdrag is Trinitaries gefundeer. God gebruik die mens, Sy *Eccllesia*, as't ware as die voertuig waarbinne Hy die redding aan die nasies wil bring (Wright, 2006:532). Wanneer die gelowiges arbei met die bewussyn van die *missio-Dei*, behoort daar met die opdrag wat daaruit voortspruit groter erns gemaak word. Die *Eccllesia* ontstaan dus uit God; word toegerus deur God met gawes ter wille van die heil van die mensdom en tot eer van God. Die werksaamhede van die kerk deur die bril van die *missio-Dei* het dus primêr ten doel om op gesag van die opdrag van God, God te openbaar aan die mensdom (Guder, 1998:153 e.v.; vgl. ook Knoetze, 2013:10). Wright (2006:264) toon in die verband dat: "Election is of course, in the light of the whole Bible, election unto salvation. But it is first of all election into mission." God roep dus gelowiges bymekaar sodat Hy die groep gelowiges kan gebruik om die volgende groep bymekaar te roep. Slegs deur die krag van God kan die beste pogings van enige kerkplanter slaag (Diaso, Januarie 2010, EMC vol. 46 no.1.)

2.5.2 Barmhartigheidsdiens

Soos reeds aangetoon, het die maaltye en die gemeenskaplike besit van die stoflike 'n wesentlike rol gespeel by die eerste geloofsgemeenskappe. Daar is verder vasgestel dat hierdie vorm van barmhartigheidsdiens en *koinonia* 'n wesentlike deel vorm van die *missio-Dei*. As uitvloeisel van God se verhouding en barmhartigheid met die kosmos is die *koinonia* en barmhartigheid wat die *Eccllesia* openbaar. So ontvang die ongelowige as't ware die beeld van God deur na die aanbidding te kyk van die *Eccllesia* (Keller, 2012: ligging 9089-9090). Hierdie tema is besonders belangrik vir die Suid-Afrikaanse konteks wat as deel van die Sub-Sahara Afrika unieke uitdagings bied (Steyn & Yousaf, 2010:152-170).

2.5.3 Gemeenskap van gelowiges

Die direkte gevolg van die Pinkstergebeure was dat daar nuwe bekeerlinge bygevoeg was tot die getal gelowiges (Hand. 2:41). Hierdie bekeerlinge het nie net sonder meer teruggegaan na hul huise, i.e. lande van herkoms nie (Hand. 2:44). Die nuwe bekeerlinge is bymekaargebring sodat hul opgevoed kan word in die kennis van God se genade in Christus (Eims, 1978:42). Hierdie byeenkomste was so belangrik dat sommige selfs hul besittings verkoop het ter wille van die instandhouding van die byeenkomste (Hand 2:45). Hierdie groep gelowiges het op grond van wat Christus in hul lewe gedoen het, 'n gevoel van

broederskap en verantwoordelikheid teenoor mekaar gehad (Barclay, 1972:26). Dit was hierdie gemeenskaplikheid wat van die Christene se andersheid teenoor dié wêreld getuig het (Wepener, 2010:98). Keller (2012: ligging 9089-9090) interpreteer Joh.17:23 soos volg: “Jesus says that the main way people will believe that Christians have found the love of God is by seeing the quality of their life together in community.”

Bogenoemde is in lyn met vraag en antwoord 55 van die Heidelbergse Kategismus en leer dat: “...elkeen moet weet dat hy skuldig is om sy gawes tot nut en saligheid van die ander lede gewillig en met vreugde aan te wend.”

2.5.4 Gawes

Die gawes wat in Efesiërs 4 genoem word is apostels, profete, evangeliste, herders en leraars. In die verband voeg 1 Korinthiërs 12:28, kragte, genadegawe van gesondmaking, helpers, regeringe en die spreek van tale as deur God gegee aan die liggaam van Christus. In Hand. 1:15-26 word gelees hoe die eerste ampsdraer deur die kerk aangewys is. Handeling 6 toon aan hoe die eerste Diakens van die kerk van Christus aangewys is. In Hand. 13:2 word Barnabas en Saulus afgesonder vir Evangelieverkondiging. So vroeg al as Hand. 14:23 was dit die gebruik in die gemeentes wat ontstaan het om ouderlinge aan te wys. In Titus 1:5 dui Paulus aan dat daar in die gemeentes wat ontstaan het, ouderlinge aangewys moet word. In die verse wat volg dui Paulus op die vrugte van Godvresendheid wat die manspersoon behoort te openbaar alvorens hy tot die amp aangewys kan word.

Dit moet egter in die verband duidelik gestel word dat daar nie slegs aan 'n uitgesoekte groep in die Woord 'n opdrag gegee word om te dien nie (Kritzinger 2007:29 e.v.). Alhoewel die Skrif leidrade gee vir die aanwysing van die besondere ampte, beskryf die term *Diakonos* nie net die besondere dienswerk nie, maar ook die spontane dienswerk van elke gelowige (vgl. in hierdie verband Breed, 2012:2 se kommentaar rakende die woordgroep *Diakon* en Hand. 6).

Die ampte is egter gawes wat Christus as geskenk aan Sy kerk gee (Hendrickson 1972:195). Die gawes sny breër as net die drie bogenoemde ampte en is deur God gegee aan Sy kerk om die gelowiges toe te rus “om die heiliges toe te rus vir hul dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus.” (Ef.4:12, OAV). Die aanwys van ampsdraers in die Nuwe Testamentiese kerk blyk 'n belangrike gebeurtenis te wees wat deurgaans aandag geniet in die Nuwe Testament (Kritzinger 1979:154 e.v.). Die navorser kies saam met die die Nederlandse Geloofsbelydenis (art. 30 en 31) daarvoor dat die Kerk van Christus regeer

word deur die drie besondere ampte naamlik die leraar, die ouderling (presbiter) en die diaken.

2.5.5 Gereelde byeenkomste

Gereelde byeenkomste (Hand. 2:46) het met verloop van tyd verskuif na byeenkomste onder andere op die eerste dag van die week (Hand. 20:7). Die afleiding kan gemaak word dat daar soos daar nuwe kerke geplant is, nuwe byeenkomste gehou is (Hebr. 10:25). Die samekomste was om te leer by die Apostels en het vanuit hierdie behoefte ontstaan (Driscoll & Breshears, 2009: 39; vgl. Wepener, 2010:98).

Soos in punt 2.2.2.3 reeds aangedui is, het die eerste gelowiges saamgekom omdat hul gedeel het in die geloof in Christus en al sy weldade. Die Heidelbergse Kategismus (vraag en antwoord 65) leer ons dat hierdie geloof van die Heilige Gees kom deur die verkondiging van die Evangelie en versterk word deur die gebruik van die sakramente.

Die ondersoeker onderskryf die Kategismus se verduideliking oor wat die sakramente is en die hoeveelheid van die sakramente soos in vraag en antwoord 66 en 67 vervat.

Die eerste Christene het gereeld rondom die sakramente vergader. Dit was egter 'n opdrag van Christus self om die Nagmaal gereeld te vier (Lukas 22:19) asook om die sakrament van die Doop te onderhou (Matt. 28:19). Paulus se brief aan die gemeente in Korinthe wat onder andere handel oor die Nagmaal, kan as bewysplasing dien dat die Nagmaal 'n instelling in die eerste gemeentes was (vgl. 1 Kor 11). Die Doop is ook gereeld bedien (Hand. 2:41, Hand. 8:12, Hand. 10 en 11 e.a.).

Paulus waarsku teen die verkeerde gebruik van die sakrament van die Heilige Nagmaal in 1 Kor. 11. In Handeling 8 word gelees dat die Apostels nie die Doop aan Simon wou bedien nie omdat Simon dit om die verkeerde redes wou doen. Derhalwe kan daar afgelei word dat die feit dat die sakramente bedien word, gepaard gaan met die appél om dit suiwer te bedien. Die inhoud van dit wat die suiwer bediening van die sakramente behels, is 'n tema wat 'n ondersoek opsigself verdien en weens die omvang van die skripsie nie behandel sal word nie.

2.5.6 Breër geloofsgemeenskap

Soos reeds gemeld in 2.2.3, het die eerste gemeentes leiers verkies om toesig te hou oor die orde en dissipline van die kudde van Christus. Handeling 15 dui aan dat die ouderlinge oor moeilike sake byeengekom het om dit te bespreek sodat die eenheid en heiligheid van

die gelowiges beskerm kan word. Hand. 11 dui aan dat selfs die Apostels hul moes verantwoord oor hul ampswerk. In 1 Kor. 14: 26 e.v. beveel Paulus dat daar toesig gehou moes word oor die ordelikheid in die gemeente. Ef. 4:11 e.v. vertel dat God verskillende gawes gegee het met die doel om “*die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk...*”. Die uiteinde van die toerusting was dat die gelowiges sal groei tot standvastigheid in die geloof sodat die eenheid en die opbou van die liggaam bevorder kan word (vers 16). 1 Thes. 5:12 en 13 dien as 'n appél op die gemeente om die opsieners se vermaning nie te verontagsaam nie. In 1 Tim. 3 en Tit. 1 gee Paulus riglyne oor die eienskappe wat die ampsdraers binne die jong gemeentes behoort te openbaar alvorens hul tot die ampte aangewys word. In Tit. 1:10 gee Paulus die beweegrede vir die aanstelling van ouderlinge i.e. om dwaalleer te bestry en die onordelikes die mond te stop.

2.5.7 Gerig na buite

Die boek Handelingte asook die boeke wat volg op die boek Handelingte in die Nuwe Testament, dien as die getuigskrif dat die opdrag van die Here Jesus aan Sy kerk in gehoorsaamheid uitgevoer is. Die opdrag wat aan die eerste dissipels gegee is geld tot en met die wederkoms (Stetzer & Rainer, 2010:51). Christene het ook die opdrag ontvang om te getuig en dissipels van die nasies te maak (Eims 1978; Hale, 1995:3; Klauber & Manetsch, 2008:2). Soos Christus, was die fokus van die eerste Christene gerig, op die oes wat ryp op lande staan (Matt. 9:38; vgl. Hale, 1995:3). Volgens Hand. 20 en 21 lees ons dat beide die gemeente en Paulus deur groot beproewinge en verdriet die Evangelie onder leiding van die Heilige Gees aan die heidene verkondig het. Sou hul nie die oog gehad het op die oes op die land nie, dan kon Paulus by die gemeente gebly het en droewigheid uit hul hart geweier het (vgl. Hesselgrave, 2000:42 e.v. waar die na-buite gerigtheid van Paulus aangedui word). Alhoewel verskeie verse en gebeure in die Woord en spesifiek die boek Handelingte as bewysplaas kan dien dat die visier van die gelowiges na buite gerig was, verdien Handelingte 11 vermelding en kan dit in verband gebring word met die *missio-Dei* waar die blydskap dat daar ook aan die heidene verlossing gebring word as uitvloeisel gesien kan word van God se wil. (vgl. in die verband De Villiers, 1977:232).

Ons kan dus aflei dat wanneer 'n kerk van Christus geplant word, die volgende planting en die uitbreiding van die Koninkryk vanselfsprekend ter tafel geneem behoort te word (Hesselgrave, 2000:43 e.v.; vgl. Dever, 2004:195 e.v.).

2.6. Hoofstuk gevolgtrekking

Die *missio-Dei* is Trinitaries gefundeerd. Die groot sendingopdrag van die Here Jesus in Matt. 28:18-20 kan nie los van die Vader, die Seun en die Heilige Gees gelees word nie. Dit is die Vader wat aan Christus alle mag en krag in Hemel en op aarde gee. Christus is die boodskap; die opdrag is om Christus se daede te verkondig. Die Vader en die Seun stuur egter die Heilige Gees om die kragbron te wees vir die Christen sodat hy/sy in staat kan wees om van die daede van Christus te getuig.

Kerkplanting kan afgelei word vanuit die *missio-Dei*. Kerkplanting is dus die direkte gevolg van die *missio-Dei*. Die Here Jesus het 'n groep gelowiges agtergelaat wat gegroei het in getal na die uitstorting van die Heilige Gees. Daar word in die Woord na dié groep verwys as Kerk. Hierdie groep het ook nuwe kerke geplant.

Hoofstuk 3: Missio-Dei volgens kontekstuele perspektief

- 3.1 Oriëntering
- 3.2 Suid-Afrikaanse kerkplantingskonteks
- 3.3 Globalisasie en verskuivende demografieë
- 3.4 Post-moderne, moderne en tradisionele denke
- 3.5 Sosio-ekonomiese faktore
- 3.6 Koersgewende rigtingwysers
- 3.7 Bestaande kerke
- 3.8 Hoofstuk gevolgtrekking

Hoofstuk 3: Missio-Dei volgens kontekstuele perspektief

3.1 Oriëntering

Met elf amptelike tale en met 51 770 000 miljoen mense (Sensus, 2011:15) wat verspreid bly in stede, plase, dorpe en tradisionele nedersettings, is dit 'n moeilike taak om die konteks in Suid-Afrika te beskryf, veral ook om aan elke mensegroep 'n regmatige porsie aandag te gee. So 'n ondersoek noodsaak 'n studie op sy eie. Wanneer die tema van 'konteks' ter sprake kom, word daar na meer gevra as bloot die demografiese landskap of die sosio-ekonomiese invloede wat as rolspelers dien in Suid-Afrika, 2013. Wanneer die term 'konteks' ter tafel gelê word, word daar ook na die lewens- en wêreldbeskouing van die man op straat verwys. Om in hierdie konteks dus 'n blote onderskeid te tref tussen die sogenaamde "Afrikakultuur" en die sogenaamde "Westerse kultuur" sal nie genoegsaam wees vir Suid-Afrika nie (Brunsdon & Knoetze, 2013:12). Brunsdon & Knoetze (2013:12-14) doen meer as dit en maak 'n onderskeid tussen tradisionalisme, modernisme en post-modernisme wat as rolspelers dien in die wêreldbeskouing van sowel die Afrikamens as die Westerling. Mensegroepe kan missiologies ook nog fyner ingedeel word, bv. : 1) kultuurblokke, 2) affiniteitsblokke, 3) etno-linguistiese groepe, 4) sosiale groepe, 5) asook die sogenaamde uniemaksgroepe (Winter & Koch, 2009: 531-546; vgl. Hawthorne, 2009:96 e.v.). Wanneer ons kerke plant in enige deel van die land in watter een van die amptelike tale onder watter mensegroep ookal, moet die konteks van lewens- en wêreldbeskouing, eenheidsbelange en kultuuraspekte 'n prominente rol speel. Suid-Afrika bied eenvoudig 'n kaleidoskoop van konteksaspekte wat telkens verwerk behoort te word met die oog op wat plaaslik 'n rol speel om sodoende die unieke blik en uitdaging van elke situasie verantwoordelik te verwerk.

In hierdie hoofstuk gaan daar nie gepoog word om die bespreking van die konteks wat in Hoofstuk 1 gelewer is, te dupliseer nie. In hierdie hoofstuk gaan daar na die noodsaaklikheid van 'n nuwe gereformeerde model vir Suid-Afrika gekyk word.

3.1.1 Die term Kerk.

"Ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike Kerk, die gemeenskap van die heiliges;" (Die Apostoliese Geloofsbelydenis.)

Wanneer daar na die term *Kerk* gevra word in gereformeerde konteks, kan dit nie los van die Woord en belydenis ondersoek word nie. Die Christelike kerk, word deur die Apostoliese

Geloofsbelydenis (vgl. HK art. 27) beskryf as “heilig”, “algemeen” en “die gemeenskap van die heiliges”. Die lidwoord “n” wat “die heilige” voorafgaan dui op die enkelvoud en weerspreek nie die Geloofsbelydenis van Nicea wat die term “een kerk” gebruik nie. Ons kan dus aflei dat die belydenisskrifte in hierdie verband van die kerk as organisme en deel van die onsigbare kerk praat. Die belydenisskrifte sien die kerk van Christus dus as ‘n eenheid, “n” en “een” kan dus gesien word as sinonieme wat die eenheid van die kerk van Christus beklemtoon wat “verspreid en verstrooid is oor die hele wêreld; nogtans is dit saamgevoeg en verenig met hart en wil in een en dieselfde Gees, deur die krag van die geloof.” (Hk. Art. 27).

Soos in hoofstuk 2 aangedui en vanuit die *missio-Dei* gesproke, vergader die Heilige Gees deur die gepredikte woord die eerste gestaltes van wat ons noem ‘Kerk’ (organisme). Die groepering van gelowiges word onder andere “*Ecclessia*” genoem.

In die Septuaginta word die term *Ecclessia* gebruik om die term “*QAHAL*” te beskryf (vgl. Ward, 1958). Koehler & Baumgarthner (1958:829) verklaar die “*QAHAL JAHWEH*” as die versameling, gemeente of konvokasie van die mense. In die Nuwe Testament word die term *Ecclessia* gebruik om ‘n groep gelowiges in ‘n lokale gebied te beskryf (of hul vergader het of nie vgl. Ward, 1958).

Hierdie groep word die uitgeroepenes van God genoem (Ward, 1958). Ander terme wat ook in die verband genoem kan word is, *kyriakon*; liggaam (*sooma*); Christene en dissipels.

Wanneer daar in die missionale konteks gepraat word van ‘kerk’ en ‘kerkplanting’, gaan die ondersoeker van die veronderstelling uit dat daar na die *Ecclessia* gekyk word waar die Heilige Gees deur die verkondigde woord mense versamel (Kerk as organisme) wat deur God vergader word vanuit ‘n groep mense om uiteindelik ‘n nuwe sigbare eenheid te vorm genaamd die “*Ecclessia*” of die “*QAHAL JAHWEH*”. Derhalwe kan daar nie in die verband van kerkplanting gedink word aan die uitbreiding van die Instituut nie, maar aan die organisme.

Chester & Timmins maak in hierdie opsig onderskeid tussen drie fokuspeunte rakende kerkplanting. Die eerste is waar die fokus op evangelisasie val ter wille van evangelisasie. Vir Chester & Timmins lê die gevaar by dié groep in die feit dat pragmatisme insluip. By die tweede val die klem op die kerk (instituut) waar die gevaar in hierdie groep bestaan in ‘n koersagtige “wil-dit-net-reg-doen-volgens-ons-strukture” houding wat kontra-evangeliserend kan wees. Die derde groep is die groep wat poog om Evangelie - gesentreerd te arbeid: “those whose primary concern is gospel-centred communities, whose priority is the gospel

and who see Christian community as the natural expression of the gospel. The New Testament pattern of church life implies a regular transplanting of churches. This creates a missionary dynamic in which new leaders can emerge and the church can re-invent itself.” (Chester & Timmins, 2007, ligging 1288 e.v., vgl. Schwarz 1999:13 e.v.; vgl. ook in die verband Keller, 2012: ligging 374 e.v.) Wanneer daar dus vanuit laasgenoemde groep gearbei word, word daar met die kerk as organisme gewerk wat met elke nuwe groepering die gesig van die instituut, verander en vervorm i.e. hoe die instituut daarná uitsien.

Hesselgrave (2000:302 e.v.) bou in dié opsig versigtig voort op Conn (Conn in Hesselgrave, 2000:304) se pleidooi dat: “... ultimately, the biblical call to unity in the worldwide fellowship Christ has instituted is a call to the consideration of the legitimacy of separate structures”. Hesselgrave (2000:305) wil dat daar in gedagte gehou behoort te word dat die meeste kerkplantings vanuit 'n bestaande kerk plaasvind en dat daar dus bande kan bestaan. Daar moet egter daarteen gewaak word dat die sending en kerkplanting nie afgeskeep word indien die bestaande gemeentes nie deel vorm in die kerkplantingsvisie nie (Hesselgrave, 2000:305: vgl. Schwarz, 1999:24 e.v.).

Ten slotte word opgemerk dat Hesselgrave aangetoon het dat die Bybelse manier van kerklike lewe noodwendig nuwe kerkplantings veronderstel (Hesselgrave, 2000:47). Deur middel van die sogenaamde Pauliniese Sirkel dui Hesselgrave bogenoemde stelling as volg aan:



Fig. 1 Die Pauliniese Sirkel aldus Hesselgrave (2000:47)

Hesselgrave (2000:47 e.v.) sit die sirkel uiteen as logiese stappe in Paulus se visie tot uitbouing van die Koninkryk van God: "What were the logical elements (steps) in Paul's master plan of evangelism and church development? ..."

- 1.) Missionaries Commissioned – Acts 13;1-4; 15:39-40.
- 2.) Audience Contacted – Acts 13:14-16; 14:1; 16:13-15.
- 3.) Gospel Communicated – Acts 13:17-41; 16:31.
- 4.) Hearers Converted – Acts 14:38; 16:14-15.

- 5.) Believers Congregated – Acts 13:43.
- 6.) Faith Confirmed – Acts 14:21-22; 15:41.
- 7.) Leadership Consecrated – Acts 14:23.
- 8.) Believers Commended – Acts 14:23; 16:40.
- 9.) Relationships Continued – Acts 15:36; 18;23.
- 10) Sending Churches Convened – Acts 14:26-27;15:1-4.

Hesselgrave (2000:50) dui daarop dat hierdie sirkel geen einde het nie. Derhalwe is die plant van kerke 'n voortdurende en natuurlike gevolg in die groei van die liggaam van Christus (Jennings, 2007:169). In die sirkel het die hele kerk deel aan die groei van die liggaam. Bring mens Hesselgrave se Pauliniese sirkel in verband met Voetius dan lyk dit as volg:

1. Kontak met die gehoor kom ooreen met Voetius se eerste stadium waar die teiken groep hoorders word
2. Kommunikasie van die evangelie kom ooreen met stadium twee waar die hoorders leerlinge word
3. Hoorders kom tot bekering is die stadium wat ooreenkom met leerlinge wat hulle geloof bely
4. Stap vyf waar die gelowiges vergader word kom ooreen met die vierde stadium van Voetius

Gevolgtik het gereformeerde kerkplanting en die gereformeerde verstaan van die kerklike lewe nie ten doel om bestaande strukture te onderhou nie, maar wel om die Bybelse beginsels toe te pas in die praktyk. In die lig van bogenoemde word daar vervolgens gekyk na die Suid-Afrikaanse praktyk ten opsigte van die kerklandskap en die noodsaaklikheid van 'n nuwe gereformeerde kerkplantingsmodel.

3.2 Die Suid-Afrikaanse kerkplantingskonteks

“Ek is kwaad!” So het die predikant aan die ander vier (al vyf was van kerke vanuit die sogenaamde hoofstroomkerke in Afrika; hierna genoem die MIC) in die motor sy gevoelens gedeel nadat hul weggery het van 'n diens van een van die gemeentes in die African Independent Churches, hierna genoem die AIC. “Ek het altyd gedog hul het vreemde rituele, maar daar was niks vreemd nie, hoekom kon hul nie maar net na ons kerke gekom het nie?” (Oduro *et al*, 2008:35 e.v.). Hierdie scenario spreek die frustrasie en die gevoel van

onvermoë wat daar bestaan onder die hoofstroomkerke om die breë publiek in Suid-Afrika te bereik. Soos in Hoofstuk 1 aangedui, bestaan daar 'n krimpings in lidmaattalle onder die MIC terwyl daar bevolkingsaanwas in Suid-Afrika is.

In Hoofstuk twee is aangedui dat kerkplanting die natuurlike uitvloeisel is van die *missio-Dei*. Daar is ook aangedui dat God verwag dat die nuwe groep gelowiges as God se voertuig moet dien om meer groepe gelowiges te vorm. Die logiese afleiding is dat Bybels gefundeerde kerkplanting, groei impliseer.

Tans is (soos reeds aangedui), die teenoorgestelde tendens te bespeur in kerkverbande van gereformeerde afkoms. Bischoff & Schoeman (2012) se ondersoek na die betrokkenheid van Suid-Afrikaanse kerke (in besonder die NG-Kerkfamilie) in 'n veranderde omgewing leidrade bied tot die hoekom vraag. In Bischoff & Schoeman (2012:4) se ondersoek blyk dit dat die meerderheid lidmate bereid is om mense te nooi na 'n diens op Sondag maar ten skaarste betrokke is by 'n Evangelisasie-aktiwiteit. Die meerderheid lidmate het hul gemeentes beskryf as dat hul op onderhoud of oorlewing gefokus is (Bischoff & Schoeman 2012:6). Hierdie tendens is ook in die ondersoeker se kerkverband te bespeur, waar die gemeentes wat met missionale aktiwiteite besig is, die uitsondering en nie die reël is nie (Fourie, 2012: 30 e.v.).

Elke gemeente is, alhoewel verantwoordelik aan die breër geloofsgemeenskap, selfstandig en bevoeg om te besluit oor sake rakende erediensinrigting en dies meer. Wat egter nie opsioneel is nie, is die vraag of daar na buite gewerk moet word. Die *missio-Dei* vra 'n missionale ingesteldheid van die hele gemeente.

Hierdie ingesteldheid, dien as appèl (soos aangedui in hoofstuk 2) op elke gelowige om missionaal te arbeid aan die hand van die gawes wat God gegee het. Wanneer die kerk dus bloot ingestel is op oorlewing, of wanneer die sendingopdrag slegs in die hande van uitgesoekte ampsdraers val, kan dit kontra-evangeliserend (Kritzinger 2007: 2 e.v.) wees en nie die *missio-Dei* dien nie.

Soos reeds vermeld, word kerkplanting gesien as die mees effektiewe metode om 'n bestaande gemeente te hervitaliseer asook om die evangelieboodskap te versprei (Keller, 2012: ligging 8510 e.v.; vgl. Paas, 2011).

In Suid-Afrika sal gemeentes hulself moet oriënteer rakende hul eie strukture, vlak van missionale denke asook die gemeenskap sodat hul nie droomgesig staan soos die 5 MIC - predikante teenoor die AIC nie, maar dat hul binne hul omgewing effektief kan arbeid. Dit

vereis 'n voortdurende heroriëntering ten op sigte van die Suid-Afrikaanse kerkplantingskonteks. Om dit te doen sal daar egter na verskillende invloede op die Suid-Afrikaanse kerkplantingsveld gekyk behoort te word.

3.3 Globalisasie en verskuiwende demografieë

3.3.1 Globalisasie

Pocock (2005:23) beskryf Globalisasie soos volg: “Taken as a whole, globalization is a trend of accelerating, compressed interaction between peoples, cultures, governments and transnational companies. It is a heightened multi-directional flow of ideas, material goods, symbols and power facilitated by the Internet and other communication, technologies and travel.” In die binnekamer van die Christen het hy kontak met die Moslem op Facebook, die Hindu met die Agnostikus op Twitter en die Ateïs luister na die Boedhis op Youtube, alles met die druk van 'n knoppie. Die impak van Globalisasie op die kultuur-akker, mag nie gering geskat word nie (Hagan & Ashworth 2002:10; Pocock, Van Rheenen en McConnell 2005:24 e.v., vgl. ook Meadows, 2012:163-182 in die verband). Gepaardgaande is die geleenthede vir die uitbreiding van die Koninkryk wat globalisasie meebring, onvermydelik en enorm (Houssney 2010: ligging 323). Globalisasie bring verandering in denke en kultuur en derhalwe behoort die kerk van Christus wat erns maak om as missionêre liggaam te arbei, vloeibaar genoeg te wees om die geestelike behoeftes wat kan ontstaan deur die invloed van globalisasie, Bybels bevredigend te beantwoord.

3.3.2 Verskuiwende demografieë

Vir die tydperk 1996-2011 het die provinsie van Gauteng se bevolking tot nagenoeg 4 647 370 gegroei i.e. 309 825 per jaar (Sensus 2011:15). Sou ons vir elke 5000 mense een gemeente plant (Keller 2012: ligging 4400), sou dit beteken dat in Gauteng alleen daar 63 nuwe gemeentes per jaar oor die laaste 15 jaar geplant moes word. Keller (2012: ligging 4268-4269; vgl. Bosman, 2002:195; vgl. ook Gioacchiano Campese 2012 wat in die verband praat van die “immigrasie ontploffing”.) verwag dat hierdie demografiese skuif in Afrika sal bly voortduur: “the next three decades will see over half a billion people move into the cities of Africa and Asia alone.”

3.4 Die post-moderne, moderne en tradisionele denker

Naas demografieë speel die lewensbeskoulike 'n rol. Hierdie opskrif plus elke subopskrif, bied 'n moontlike veld vir ondersoek. Weens die omvang van hierdie studie sal hierdie temas nie in diepte bespreek word nie, maar daar sal slegs definisies van elkeen gegee word asook moontlike rigtingwysers insake kerkplanting.

3.4.1 Die post-modernis

'n Radikale openheid word as fokuspunt van die post-modernisme ervaar. Die fokus op effektiwiteit, produktiwiteit en presisie wat in die modernisme ervaar word, word verwerp. Die post-modernis het geen respek vir die skepping van God nie. Post-modernisme breek met alle tradisionele grense en beperkinge wat daar gestel is in die advertensie- en vermaaklikheidsbedryf. Die post-modernis is op homself ingestel en het nie respek vir die wetenskaplike- en geloofswaarhede nie. (vgl. Brunson & Knoetze 2013:12)

3.4.2 Die modernis

Die swaartekrag van die modernis se denke lê in die mens se vermoë om te kan bemeester. Alle gesag word verwerp. Moderniste eien hulself die reg toe tot individualisme, empirisme, rasionalisme, pragmatisme asook die reg om hul eie ekonomiese belange na te jaag. Selfbelang word gehandhaaf deur werkspanne of koöperasies. Die rol van die staat is om ekonomiese vooruitgaan te stimuleer, infrastrukture daar te stel en orde te handhaaf. Waar die werklikheid vir die tradisionalis 'n enkel geïntegreerde veld van ondervinding is, word modernisme deur 'n voortdurende opsplitsing van die werklikheid in kompartemente gekenmerk. Ons kan slegs die huidige praxis beheer, manipuleer en analiseer wanneer ons dissekteer en in kleiner kompartemente plaas (vgl. Brunson & Knoetze 2013:12).

3.4.3 Die tradisionele denker

Tradisionalisme is 'n oer-oue en wêreldwye geloofsfenomeen wat oor die bestek van tydsgrense heen aangetref word. Hierdie geloofsfenomeen vind ons in besonderse gevalle by die inboorling-mensegroepe wat die impak van die groot wêreldgelowe oorleef het. Hierdie fenomeen vind globaal plaas en is nie beperk tot die vasteland van Afrika nie.

Eerstens poog tradisionalisme nie om te onderskei tussen religie, wêreldbeskouing en kultuur nie. Realiteit word bepaal deur 'animistiese' en 'dinamistieke' kragte. In hierdie verband verwys animisme en dinamisme nie na die voorouers nie, maar na die basiese DNA van die werklikheid soos gesien deur die tradisionalis. Die werklikheid word induktief aangewend deur die geestelike wesens in animisme en kragte in dinamisme. In die

Oostelike en Suidelike dele van Afrika is dinamisme meer prominent. Dinamistiesgesinde gemeenskappe vloei as't ware in 'n see van vyandelike kragte, hierdie situasie moet waar moontlik spoedig gestabiliseer word. Gemeenskapsleiers kanaliseer hierdie kragte om uiteindelik tot die gemeenskap se voordeel te strek. Hekse en towenaars kanaliseer hierdie kragte deur middel van die magie.

Tweedens kom die Opperwese aan die orde wat die voedingsbron is van alle kragte. Alhoewel onvoorspelbaar, is die dinamistiese krag in die mens en om die mens. Deur middel van die mitologie word die Opperwese verpersoneel. Anders as die Westerse wêreld word hierdie wese nie noodwendig as 'n persoon aangesien nie. In die meeste gevalle kan hierdie wese nie praat, luister of offerhande ontvang nie. Hierdie wese is dus teenwoordig, maar kan nie genader word nie.

Derdens staan die Oosterse en Suider-Afrikaanse gelowige onder die outoriteit van die voorvaders. Voorvaderverering behels dat almal hul lewens skuldig is aan die voorvaders. As resultaat word die stam rondom die patriargale hierargie, waarin die individu gebore is, gedefinieer wat die toekenning van status en rolle binne die gemeenskap behels. Die oortreding van hierdie kompleks gedefinieerde sisteem, het die verbreking van die balans tot gevolg, derhalwe is die gesagstrukture fundamenteel vir die oorlewing, gesondheid en welstand van die groep (Brunsdon & Knoetze, 2013:12).

3.5 Sosio-ekonomiese faktore

'n Ekstremes voorbeeld van hoe die minagting van die sosio-ekonomiese faktore kontra-evangeliserend kan werk, is die voorbeeld van die ontstaan van die "Harrist Kerk" in Abidjan in die Ivoorkus (Oduro et al. 2008:155 e.v.). Hierdie kerkgroep het ontstaan weens die ongemak van die inboorlinge jeens die Westerse manier van hantering van geldsake en die onderhoud van die kerk as Instituut. Sou die Metodistiese kerkverband bereid gewees het om die Bybelse weg van geldhantering in liefde te vertaal soos Harris dit gedoen in die konteks van die inboorlinge, sou die wegbreek van die Metodistiese kerk nooit ontstaan het nie.

Wanneer die sosio-ekonomiese faktore ter tafel gelê word, vra dit (Keller, 2012: ligging 378 e.v.) dat daar tussen twee uiterste pole 'n middeweg gebaan behoort te word in die praktyk van kerk-wees. Die twee uiterste pole kan soos volg beskryf word: (a) by die eerste pool word die sosio-ekonomiese invloed wat die gereformeerde lewens- en wêreldsbeskouing het en waarin geloof arbeid, nie in ag geneem nie. So 'n siening impliseer dat die gereformeerde lewens- en wêreldsbeskouing op die sosio-ekonomiese veld geen invloed het nie, asof die

gereformeerde lewens en wêreldsbeskouing nooit enige sosio-ekonomiese herstel tot gevolg het nie. (b) die anderkant van die spektrum impliseer dat die sosio-ekonomiese herstel van die samelewing as doel gestel word en die gereformeerde lewens- en wêreldsbeskouing het slegs die instrument geword waardeur sosio-ekonomiese doelstellings bereik word . Vergelyk figuur 2 in hierdie verband:



Figuur 2: Sosio-ekonomiese herstel, 'n midde-weg.

3.6 Koersgewende rigtingwysers

Die eerlike selfkritiese vrae wat dien as spieël van ondersoek wat elke plaaslike gemeente haarself behoort af te vra is;

- (a) is die gemeente in die sogenaamde sirkel van kerkplanting?
- (b) gebruik die gemeente enigsins die kwessie van die verskuiwende demografieë en dus die geleentheid van globalisasie in ons direkte omgewing tot voordeel en uitbouing van die Koninkryk van God?
- (c) het die gemeente enige invloed op die direkte samelewing?

Soos reeds aangetoon vanuit gegewens beskikbaar, behoort die meerderheid van die gemeentes in die hoofstroomkerke nie goed te vaar by die beantwoording van bogenoemde drie vrae nie. Effektiewe, gekontekstualiseerde en gereformeerde kerkplanting wat Suid-

Afrika in 2013 in sy lewens- en wêreldsbeskouing aanspreek, sal die plaaslike gemeente in staat stel om op al drie vrae positief te reageer. Dit verg egter 'n heroriëntering van denke oor gereformeerde kerkwees, soos Paas aangedui het in sy intreerede rede (Paas, 2011).

3.7 Bestaande Kerke

3.7.1 Die posisionering van die plaaslike gemeente in verhouding tot die gemeenskap

Alvorens daar sprake van heroriëntering in die plaaslike gemeente kan wees is dit nodig om eers die gemeente te oriënteer ten op sigte van die Evangelie, die gemeenskap, asook die mate of grade van kontekstualisering (sien die kontekstualiserings tabel bl. 43). Die “gevare” en “geleenthede” soos aangedui in die kontekstualiseringstabel), waarin die gemeente homself bevind, sal ook verreken behoort te word.


Travis (2005:377) het baanbrekerswerk gedoen deur die sogenaamde “C1-C6 Spektrum” (in hierdie studie genoem die “kontekstualiseringsmodel”) ter tafel te lê, waarin hy 'n sesvoudige onderskeid aantoon ten opsigte van bekeerlinge vanuit die Islam-geloof (MBB of Muslim Background Believers vgl. Moeller, 2007) en waar hulle hulself bevind ten opsigte van hulle kerkkonsep. Allison (2006:3 e.v.) het Travis se model aangepas om die kerke in die “Emerging Church Movement” op 'n gyskaal te kan plaas ten opsigte van kontekstualisering. Die ondersoeker het die aangepaste skaal van Allison gebruik met die oog op 'n moontlike model vir die unieke Suid-Afrikaanse kerkelandskap. Alvorens hierdie model onder oë geneem word, is dit nodig om eers die temas inkulturalisering en kontekstualisering in oënskou te neem. Gevare en geleenthede waarin die gemeente homself bevind behoort ook verreken te word.

3.7.2 Die plaaslike gemeente moet kontekstualiseer

Waar inkulturalisering die beskrywing is van die werking en verandering wat God Drie-enig met die spesifieke kultuur binne 'n geografiese gebied meebring, beskryf kontekstualisering die poging en arbeid van die mens wat in opdrag van God Drie-enig die Evangelieboodskap aan 'n spesifieke groep bring en waar die gestuurde aanpassings in sy gedrag, sy taal, sy styl, sy voordrag ensovoorts bring om die groep te bereik met die Evangelieboodskap sodat hul dit kan verstaan; dit kan toepas en dit binne hul kultuur kan uitleef sodat dit uiteindelik Inkulturaliserend kan werk. Kontekstualisering strek wyer as blote prediking. Dit sluit alle bedieninge van die Missionale Kerk van Christus in teenoor die kultuur van die tyd.

Kontekstualisering is nie altyd ten goede nie; Taylor (2000:377) beskryf hoe swak-kontekstualisering versmorend werk: *'n Sendeling in Mali, Wes-Afrika, vertel die storie van die muis en die olifant wat vriende was en partytjie gehou het. Die Olifant het die partytjie die meeste geniet en die hardste gedans. Toe die partytjie verby was, is die muis weg en tot die olifant se skok, sien hy dat die muis plat op die vloer getrap is. "Sometimes that is what it is like to work with you Americans" said Daniël. "It is like dancing with an elephant".* Hierdie beskrywing kan ook in sommige gevalle die verhouding instituut (bestaande gemeente, of kerkverband = olifant) tot die nuwe kerkplanting (muis) beskryf word.

Keller (2002: 219-222) beskryf modelle wat die skrif voorhou van moontlikhede hoe die kerk met die kultuur kan omgaan. Vry vertaal lyk die model soos volg hierna:



Figuur 3: Keller se kontekstualiseringsmodel

Model #1 – Immigrant

Hier word die kerk of die sendeling bloot opgeslurp deur die kultuur. Die analogie is die van 'n immigrant wat deel kom word van 'n nuwe land en sy kultuur.

Model #2 – Oreo

Hierdie groep word basies 'n sub-kultuur van die dominerende kultuur. Hierdie groep sal hul skole, kerke en instansies los van die hoofstroomkultuur skep en sal selfs paar Bybelversies oor hul manier van leef gestrooi hê. Maar fundamenteel is hul basies dieselfde as die kultuur om hulle.

Model #3 – Soldaat

Dit word ook die anti-kultuurmodel genoem. Hierdie groep staan direk teen die heersende kultuur van die tyd. Hul ervaar 'n mate van ongemak met die bestaande skole en instansies van die hoofstroomkultuur. Hierdie groep sien hulself as't ware as soldate in die vyand se gebied.

Model #4 – Toeris

Hierdie groep kyk ooptimisties na die kultuur en omgewing en verwag dat as daar genoeg mense Christene word, sal al die ander probleme verbygaan. Hierdie groep sal nie die kultuur in diepte in die oë kyk en die problematiek rondom die kultuur hanteer nie. Hierdie groep sal mense aanmoedig om predikante/evangeliste te word in stede van dokters, kunstenaars en dies meer. Hierdie groep is soos 'n toeris wat bloot die vreemde land kom besoek, maar wat eintlik oppad is na sy tuisland (hemel).

Model #5(Die middel)¹ – Betrokkenheid

Keller skep ook 'n vyfde model wat as die betrokkenheidsmodel beskou word. In hierdie model is die Christene aktief betrokke by die kultuur. Hul vind egter hul hoogste vorm van gesag by God. Voorbeelde is Daniël; Ester en Josef, asook Jeremia 29.

Gevolgtrekking:

Wanneer ons onself plaas op hierdie asstelsel van Keller moet ons poog om so na as moontlik aan model 5 te beweeg, sodat ons as't ware in dialoog leef met die bestaande kultuur, hulle bewustelik plaas op 1-4 en dan die sprong maak na 5.

¹ Keller dui nie Model #5 aan op die asseskaal nie. Model #5 dien as't ware as teenpool vir al 4 modelle. Alhoewel dit moontlik sou wees om Model #5 op die middel van die asseskaal te plaas, doen Keller dit nie en die ondersoeker is van mening dat dit nie reg sou doen aan die model om dit so te doen nie.

3.7.3 'n Moontlike kontekstualiseringsmodel

In 'n poging om die mate van kontekstualisering van die plaaslike gemeente aan te dui binne die kerkelandskap in Suider-Afrika het die ondersoeker die kontekstualiseringsmodel ontwikkel. Die kontekstualiseringsmodel kan as volg aangedui word (sien tabel hierna):

Op weg na 'n Gereformeerde kerkplantingsmodel as deel van die Missio-Dei.
(A.C. Jordaan)

Tradisionaliste	Aktualiste	Herkonstruktualiste	Revisioniste
Onder Kontekstualisering	Mindere mate van Kontekstualisering	Meerdere mate van Kontekstualisering	Hoë mate van Kontekstualisering
K1	K2	K3	K4
Eienskappe: • Tradisionele aanbiddingsstyl. • Streng kultuurgebonde...	Eienskappe: • Tradisionele aanbiddingsstyl • Akkomodeer met voorwaardes	Eienskappe: • Kontekstualiseer liturgie • Geboue en preekpunte	Eienskappe: • Kontekstualiseer liturgie • Minder geheg aan Tradisionele Strukture
Gevaar:	Gevaar:	Gevaar:	Gevaar:
• Hou nie tred met kultuurgroei en demografiese verandering nie.	• Moelik om tred te hou met Globalisering en kultuurskuiwe	• Kontra-evangeliserend as kleiner gemeentes opgeslurp word in Mega	• Kontra-evangeliserend as kleiner gemeentes opgeslurp word in Mega
Oor Kontekstualisering	Sinkritisme	K5	K6
Eienskappe: • Geen tradisie • Sten tradisionele strukture as 'n hindernis tot uitbreiding	Eienskappe: • Meestal huiskerke • Distanseer hul van praktiese van CVM1-5 kerke.	Eienskappe: • Oorkontekstualisering kan lei tot sinkritisme	Eienskappe: • Eienskappe van ware kerk kan verlore gaan.

K 1 soos aangedui in tabel:

Eienskappe:

- Tradisionele, streng aanbiddingstyl, gekombineerd met 'n streng kultuurgebondenheid
- Teologiese uitgangspunte word baie maal beïnvloed deur kultuurbeskouing.
- Teologie kan egter suiwer wees in soverre dit nie die kultuurbeskouing afbreek nie.

Woord:

- Woord staan sentraal, maar tradisie speel 'n baie groot koersgewende rol.

Aanbiddingstyl:

- Tradisionele instrumente, liturgie en aanbiddingstyl.

Moontlike voorbeelde in Suid-Afrika:

- Tradisionele, reformatoriese kerke waar kultuur dominerende, koersgewende invloede het.

Gevare:

- Tradisie speel 'n baie belangrike rol, so belangrik dat dit effektiewe evangelisasie en selfs sending kan oorskadu.
- Tradisionalisme kan die effektiwiteit van die Evangelie beheer.
- Dit neem meer tyd en energie in beslag om die tradisionele strukture in stand te hou as om die Evangelie te verkondig.
- Wil nie tred hou met kultuurgroei en demografiese veranderings nie.

K 2 soos aangedui in tabel:

Eienskappe

- Tradisionele aanbiddingstyl gekombineerd met 'n voorwaardelike kultuurbeskouing.
- 'n Worsteling na suiwer Teologie maar met behoud van kultuurvoorwaardes.

Woord:

Die Woord staan sentraal, maar die bande van tradisie is duidelik sigbaar.

Aanbiddingstyl:

Tradisionele liturgie, instrumente en aanbiddingstyl.

Moontlike voorbeelde in Suid-Afrika:

Tradisionele, reformatoriese kerke waar kultuur en tradisie duidelik sigbaar is, maar met 'n geringe mate van kontekstualisering.

Gevare:

- Die gevaar bestaan om tred te verloor met globalisering en kultuurskuiwe.

K 3 soos aangedui in tabel:

Eienskappe:

- Kontekstualiseer liturgie, maar 'n tradisionele beskouing rondom kerkgeboue en preekpunte.
- Kerke wat vanuit tradisionele kerke geplant is, wat 'n meer gekontekstualiseerde liturgie en aanbiddingstyl tentoonstel, vorm ook deel van hierdie groep.
- Alhoewel hierdie groep nie los staan van die tradisie nie, slaag hulle daarin om die Evangelieboodskap te kontekstualiseer binne hulle kulturomgewing.
- Teologie is suiwer ongeag van kulturele invloede.

Woord:

Goeie eksegeese, Woordgetroue prediking en effektiewe toepassings.

Aanbiddingstyl:

Omgewingsgekontekstualiseerd.

Moontlike voorbeelde in Suid-Afrika:

Reformatoriese kerke wat omgewingsgekontekstualiseerd arbei.

Gevare:

- Kan kontra-evangeliserend wees as hierdie kerke mega-kerke word en minder effektief kontekstualiseer. Hierdie groep sal moet seker maak dat hulle steeds voortdurend reg kontekstualiseer.

K 4 soos aangedui in tabel:

Eienskappe:

- Kontekstualiseer liturgie, selfs soms in ekstreme gevalle, sonder 'n tradisionele beskouing rondom kerkgeboue en preekpunte.
- Vrylike gebruik van tegnologie sonder enige voorbehoud.
- Kerke wat vanuit nie-tradisionele kerke geplant word; wat 'n baie vrye konsep handhaaf rondom kontekstualisasie en selfs die Evangelie.
- Tradisie speel 'n onbeduidende rol.
- Omgewing se lewens- en wêreldsbeskouing speel 'n beduidende en groot rol in hul ontplooiing van die teologie.

Woord:

- Suiwer in soverre dit nie oorgekontekstualiseer word nie.

Aanbiddingstyl:

- Kontemporêre musiek.
- Sal aanbiddingstyl aanpas na gelang van gehoor.
- Die gebruik van tegnologie speel 'n baie belangrike rol in aanbiddingstyl.

Moontlike voorbeelde soos aangedui in tabel::

Reformatoriese kerke waar kontekstualisering die vernaamste beklemtoning ontvang.

Gevare:

- 'n Oormatige fokus op die konteks kan suiwer bediening van Woord en sakrament strem.
- Gevaar van oorkontekstualisering
- Die gevaar bestaan dat die Woord selektief aangewend word na gelang van die gehoor en die volle raad van God nie gepredik word nie.

K 5 soos aangedui in tabel:

Eienskappe:

- Die konteks van die gemeenskap bepaal die Skrifbeskouing.
- Beskou tradisionele strukture as 'n hindernis tot uitbreiding.
- 'n Ope mikrofoonstelsel waar die prediking van 'n monoloog na dialoog verskuif.
- Die afwesigheid van meta-narratiewe is kenmerkend van hierdie groep.

Woord:

- Strewe na 'n Christusgesentreerde Bybelbeskouing onderhewig aan sterk post-moderne invloede.

Aanbiddingstyl:

- Oorkontekstualisering.
- Gefokus op die gevoelservaring van die gehoor.
- Tegnologie word vrylik gebruik.

Moontlike voorbeelde in Suid-Afrika:

Reformatoriese kerke wat doelbewus tydsgeestelik probeer wees.

Gevare:

- Oorkontekstualisering kan lei tot sinkretisme.

- Subjektivisme tree maklik op die voorgrond.
- Eienskappe van die ware kerk kan verlore gaan.
- Post-moderne denkstrome binne die groep kan aanleiding gee tot subjektivisme en relativisme.

K 6 soos aangedui in tabel:

Eienskappe:

- Meestal huiskerke
- Distsansieer hul van praktyke van K1-5 kerke

Woord:

- Woord word subjektief tot die groep se verstaan aangewend en geïnterpreteer.
- Invloede van ander geskrifte is sterk, in sommige gevalle kan dit self die gesag van die Woord oorskadu.
- Sinkretisme speel groot rol.

Aanbiddingstyl:

Sterk invloed van kultuur en tradisionele gelowe.

Moontlike voorbeelde in Suid-Afrika:

Onafhanklike kerke waar die Reformatoriese erfenis nie 'n rol speel nie.

Gevare:

- Eienskappe van die ware kerk kan verlore gaan.
- Post-moderne denkstrome binne die groep kan aanleiding gee tot subjektivisme en relativisme.

3.7.4 Praktyk gerigte voorbeelde:

Met die oog daarop om 'n praktyk gerigte voorbeelde te gee van die Kontekstualiseringsmodel kan Kritzinger (2007:4-7) 'n waardevolle bydrae lewer. Kritzinger gee voorbeelde van vyf kenmerkende gemeentes wat gevind kan word in die Suid-

Afrikaanse kerklandskap. Ter illustrasie word (aan die hand van bogenoemde model Kritzinger se 5-tipes gemeentes indeel. Kritzinger beskryf egter nie die landskap volledig nie, daarom word ook melding gemaak van 'n sesde voorbeeld waarby die ondersoeker betrokke is en derhalwe uit persoonlike waarneming kan getuig.

Voorbeeld 1: (Kritzinger 2007:4)

Die eerste gemeente is gestasioneer in 'n landelike gebied in Suid-Afrika. Ten spyte van die grootte van die gemeente is die enigste opgeleide en betaalde leier in die gemeente die predikant. Sy kudde is versprei oor 'n wye area waarvan sekere van sy preekpunte selfs 50km van sy tuiste is. Hy kan nie sy eie voertuig bekostig nie; dus maak hy van alternatiewe vervoermiddels gebruik soos sy fiets en publieke vervoer in soverre publieke vervoer beskikbaar is. Hy het soveel as 30 kleiner buitewyke wat hy man-alleen moet bedien terwyl daar steeds nedersettings in die omgewing is wat nog nooit bereik is met die Evangelie boodskap nie.

Sondae sal hy na 'n preekpunt reis waar hy die sakramente bedien. Die Sondae wat hy nie by die preekpunte aanwesig is nie, word die prediking deur 'n diaken of ander lokale leiersfiguur behartig. Eenmaal elke paar maande kom die leiers op 'n sentrale punt bymekaar om die raadsvergadering te hou en die kollekte wat ingebring is in te handig. Weekliks trek die predikant dus van preekpunt tot preekpunt en woon verskeie vergaderings by, doen huisbesoek, troues en begrafnisse. Wanneer hy by die huis is, moet hy die las van die administrasie dra. 'n Deel van sy werk is ook om te help met die Teologiese opleiding. Dit behels dat alle kandidate 'n vier jaar kursus voltooi waarna hul dan gelegitimeer kan word en kan arbei as predikante.

Hierdie is 'n kenmerkende K2 - tipe gemeente wat ook ten spyte van groei in die dorp konstante getalle handhaaf. Hierdie groep se fokus is gerig om die instituut in stand te hou en die strukture te eerbiedig eerder as om nuwe Bybelsgefundeerde metodes te vind om die dorp en sy mense te bereik.

Voorbeeld 2: (Kritzinger 2007:5)

Die tweede gemeente is ietwat meer gesofistikeerd. Dit is geleë in 'n klein plattelandse dorpie. Alhoewel die dorp nie in die sentrum staan van die politieke-ekonomiese toestand van die land nie, sien die dorpie goed daarna uit. Alhoewel daar ander kerke in die dorpie is, spog hierdie gemeente met die mooiste en die imposantste kerkgebou in die dorp. Hierdie gemeente beskik oor 'n lidmaattal van 200 lede. Daar was tye toe die lidmate die kerkgebou volgesit het op 'n Sondagmôre, maar weens verstedeliking, die konsolidering van gronde en

die demografiese skuiwe, het die demografie van die area so verander dat daar slegs 'n klein groepie lidmate oorgebly het. Alhoewel hierdie groep in belydenis “oop is vir almal”, is die fokus van die betrokke gemeente slegs op een taalgroep gerig terwyl hul sustergemeente in die informele nedersetting ook nagenoeg oor 200 lede beskik wat hul eie “Afrikataal” verkies as taal van bediening. Die predikant in die betrokke gemeente beskik oor hoë kwalifikasies en is verantwoordbaar aan die verkose kerkraad wat bestaan uit mans en vroue komende van die dorp en naburige plase. Hierdie predikant het 'n hoë werkslading. Buiten sy Sondagoggend erediens, is hy verantwoordelik vir die wyksbyeenkomste, Bybelstudies, bidgeleenthede, visitasie, fondsinsamelingsprojekte en ander aktiwiteite.

Toegepas op die K-skaal, is hierdie gemeente 'n kenmerkende K1-modelgemeente. Hierdie gemeente sukkel om tred te hou met die demografiese en kultuurskuiwe van die dorp. Ten spyte van die dorp se bevolkingsaanwas wat groei, krimp die gemeente omdat hulle in 'n geringe mate aanpasbaar is in hul aanbiddingstyl. Hierdie kerk se bedieningsfokus is dus gerig op die dorp soos hy jare gelede was, maar nie soos hy nou daar uitsien nie. Hierdie gemeente se impak op die gemeenskap behoort te kwyn indien daar nog enigsins sprake is van impak... Voorbeelde van hierdie tipe gemeentes vind ons by kerke wat as't ware 'n sub-kultuur wil vorm binne die gemeenskap. Hierdie groep is gerig op die eie wat skole en kerke betref. Hierdie groep kerke is dus as't ware soldate (vgl. punt 3.7.2 in die verband) binne 'n vreemde kultuur.

Voorbeeld 3: (Kritzinger 2007:6)

Voorbeeld 3 is die van 'n kerk in 'n informele nedersetting wat die “susterkerk” is van voorbeeld 2. Hierdie gemeente het 200 lidmate waarvan 100 in die informele nedersetting en die res op plase woonagtig is. Hul het nie geld om hul eie predikant te bekostig nie en het 'n prediker van 'n naburige dorp wat reeds sy eie gemeente het en nie geld het om sy stukkende voertuig te herstel nie; derhalwe kry hierdie gemeente geen, indien enige, herderlike sorg.

Hierdie is 'n kenmerkende K2 –tipe gemeente wat ook ten spyte van groei in die dorp, konstante getalle handhaaf. Hierdie groep se fokus is gerig om die instituut in stand te hou en die strukture te eerbiedig eerder as om nuwe Bybelsgefundeerde metodes te vind om die dorp en sy mense te bereik.

Voorbeeld 4: (Kritzinger 2007:6)

Die vierde gemeente ag hulself as onafhanklik. Hul is selfonderhoudend en beskou hulself as deel van een van die groot opkomende kerkverbande wat 'n al groter invloed op die kerklandskap uitoefen. Baie van die lidmate was voorheen lidmate van die hoofstroomkerke maar het hul tuiste by die gemeente gevind weens die tradisionele manier van doen waarby hul aanklank vind. Op nasionale vlak word hierdie kerk deur 'n Biskop gelei, op administratiewe vlak deur 'n groep invloedryke mans, maar dit is waar die invloed ten opsigte van die plaaslike gemeente ophou. Die leiers van die groep ontvang geen formele opleiding nie en is dus nie onderlê in enige dogmatiese standaard nie. Hierdie leiers woon die massabyeenkomste van die nasionale groep twee keer per jaar by. Die leiers op lokale vlak word nie finansiëel vergoed of opgelei nie, maar het die spreekwoordelike tradisionele hiërargiese leer geklim en is derhalwe in staat om toe te sien dat die tradisionele rituele voortgaan. Hierdie groep is redelik bekend in die gemeenskap en verskaf aan sy lede die gevoel van deel wees van 'n groot gemeenskap.

Hierdie is 'n kenmerkende K6 kerk waar die Woord subjektief tot die groep se verstaan aangewend word. Hier tree kultuur en tradisionele maniere van leiers aanwys op die voorgrond.

Voorbeeld 5: (Kritzinger 2007:7)

Die vyfde voorbeeld is die van 'n klein onafhanklike kerk wat nie oor kerkverbandelike strukture beskik nie en dus ook nie oor 'n netwerk van bediening nie. Hierdie groep het ontstaan as die begeerte van die huidige leier. Hierdie leier het sy groep gelei tot afstigting van die vorige gemeente weens verskille met die leierskorps oor bepaalde sake. In sy leierskap het hy baie van die vorige gemeente se rituele geïnkorporeer in sy liturgie, maar hy het sy eie aksent op van die rituele geplaas. Hierdie leier is oud, nie geskool en ook nie baie dinamies nie en dus bestaan die groepie uit sy naaste familie en vriende wat hom as die natuurlike leier erken.

Hierdie is 'n kenmerkende K6 kerk, waar die groep hulself distansieer van die bestaande kerkegroepe. Hul wend die Skrif dus aan tot hul eie subjektiewe verstaan en rig die kerklike aktiwiteite in rondom dít wat die groep die beste pas en nie rondom Skrifgefundeerde beginsels nie.

Voorbeeld 6:

Hierdie groep is 'n klein groep gelowiges wat meestal bestaan uit lede van 'n laer inkomstegroep. Hierdie groep is 'n jong kerkplanting wat hulself nie tuis voel in die bestaande MIC's nie, maar ag hulself as gereformeerde in belydenis en wil graag deel in groter MIC-groepe. Hierdie groep eet gereeld saam en deel saam in mekaar se laste, hul het ook gereelde uitreike na die gemeenskap. Hul byeenkomste is aan huis waar hul drag, musiek en aanbiddingstyl kenmerkend is van hul omgewing. Alhoewel hierdie groep nie adverteer nie, ervaar hul stadige dog konstante groei. Hierdie groep word bedien deur 'n leraar wat verbonde is aan 'n kerkverband van gereformeerde belydenis. Die aktiwiteite van die groep word vanuit die groep geïnisieer, alhoewel daar voortdurend na koersgewende riglyne in die Skrif en Belydenisskrifte gevra word. Hierdie groep sien geboue en strukture as minder belangrik ten opsigte van die verspreiding van die Evangelie.

Hierdie is, alhoewel nog 'n kleiner groep, 'n kenmerkende K4-kerk. Vir hierdie groep is die konteks waarin hul hulself bevind, baie belangrik.

3.7.5 Evaluasie

Dit is dus na aanleiding van voorgenoemde duidelik dat die vyf voorbeelde wat Kritzinger noem uit kerke met 'n reformatiese karakter, die *missio-Dei* nie na behore gedien word nie. Wanneer daar vanuit die *missio-Dei* gesproke na die konteks gekyk word, moet daar voortdurend gevra word hoe die Evangelie vertaal kan word binne die konteks.

Voorbeeld 2 kan hulleself tereg afvra of hulle nie in Westerse tradisionalisme of selfs modernisme verval het met tradisionele sienings terwyl die omgewing post-modernisties of selfs Afrika-tradisionalisties ingestel is nie. Wanneer ons die gemeente meet aan Keller se model, moet dit beweeg vanaf geen invloed op die sosio-ekonomiese bestel van die dorp na die middeweg, i.e. waar die sosio-ekonomiese bestel belangrik is, maar waar die kerk se aktiwiteite missionêr gerig is. Wanneer voorbeeld 2 dus oorgaan tot kerkplanting sal hy die omgewing moet eksegetiseer en vandaar werk om 'n kerk te plant wat binne die konteks van die omgewing effektiewelik die Evangelieboodskap kan bring.

Voorbeeld 3 kan hulleself dieselfde afvra as voorbeeld 2. Hulle sal maniere vind soos dissipelskap en indiensopleiding om ampsdraers te identifiseer en op te lei, selfs al verg dit wegbeweeg van die tradisionele manier van opleiding. Wanneer die instituut as instelling nie meer die organisme dien in die sin van die uitbouing van die koninkryk nie, werk die instituut kontra-evangeliserend en verg die strukture aandag. Wanneer die gawes soos deur

God toegeken (vgl. Ef. 4) nie tot hul reg kom nie, kan die fout tog nie by die gawes of by God gesoek word nie, maar moet die fout by die deur van die instituut gesoek word.

Voorbeeld 4 dien as 'n kenmerkende voorbeeld van oorkontekstualisering. Die gevaar wat ons aantref by voorbeeld 4 is dat die Woord nie sentraal staan in die kontekstualiseringsproses nie. Alhoewel hierdie groep baie mense raak, kan opreg gevra word na die diepte van die Teologie (vgl. Mashau, 2008:14). Wanneer hierdie groep na kerkplanting kyk, sal daar opnuut na belydenis asook Skrifverantwoordbare kontekstualiseringsmetodes gekyk behoort word.

Voorbeeld 5 dien as kenmerkende voorbeeld van 'n K6-gemeente. In die proses toe hul wou wegbreek van die strukture, het hul slegs nuwes geskep wat moeilik Bybels verantwoordbaar is. Indien hierdie groep binne die sirkel van voortdurende kerkplanting (sien Hesselgrave se "Pauliniese Sirkel" onder die opskrif te wete; "Die term Kerk.") wil funksioneer in die praktyk sal hul toelaat dat die *missio-Dei* 'n greep op hul denke kry en behoort hul bereid te wees om bestaande strukture te hervorm om sodoende die man op straat te bereik met die Evangelie.

Soos Chester en Timmis (2007: ligging 1289-1293, vgl. Paas, vgl. Keller) tereg opmerk: "The New Testament pattern of church life implies a regular transplanting of churches. This creates a missionary dynamic in which new leaders can emerge and the church can reinvent itself. Church planting is part of normal church life..." Bogenoemde geld vir al 6 gemeentes. Indien hul Bybelse kerkplanting toepas, behoort hul as bestaande gemeentes te hervitaliseer, hul behoort die gemeenskap beter te bereik deur die Evangelie te vertaal vir die gemeenskap.

'n Voortdurende heroriëntering is nodig en 'n voortdurende planting van nuwe kerke is nodig om die heroriëntering te stimuleer.

Om voorsiening te maak vir eerste, tweede en derde generasie nie-inboorlinge in 'n betrokke gebied is nie 'n nuwe praktyk in ander wêrelddele nie (vgl. Moran 2003, Allison 2006). Toepaslik is Moran (2003) dus van mening dat kerke geplant moet word ooreenkomstig die kultuur aanwesig in 'n besondere gebied. Moran (2003) gebruik as sleutel die heersende generasie. In Suid-Afrika maak ons unieke taal en kultuursamestelling dat ons in die vakwetenskap Missiologie nuut en kontekstualiserend te werk behoort te gaan met inagneming van die bydrae van denkers soos Moran (2003). 'n Ondersoek na die generasies se kultuurskuiw wat globalisasie en die demografiese skuiwe in Afrika na stede

soos Gauteng veroorsaak en hoe dit kerkplanting raak, verdien vermelding as 'n veld van ondersoek.

3.8. Hoofstuk gevolgtrekking

Die einddoel van kontekstualisering is om die afgode wat as rolspelers in die kultuur dien, te identifiseer; te ontmasker en die krag wat hul besit deur die werking van Gees in Christus, te breek en waar moontlik te heilig in diens van die Koninkryk (vgl. Bavinck 1960:169 e.v). Keller (2002: 219) identifiseer die kragte soos volg: “the ‘powers’ are race, capital, politics, religion, scholarship, institutions, law... all good gifts that become enslaving and oppressing powers when exercised by people as alternative saviors and salvations apart from Christ. Outside of Christ, morality, money, race—all become oppressive powers. Inside Christ, they become our servants.”

Die Kerk van Christus se taak is dus om die afgode binne 'n kultuur voortdurend te identifiseer (vgl. Keller 2002:169); die swakplekke en krake in die fondament van die kultuur aan te dui (vgl. Bavinck 1960:169 e.v.) en dan met die volkome Lig wat Christus bied, die nuwe, geheiligde kultuur aan te toon (vgl. Keller 2002: 222, Bavinck 1960: 178,179) en as't ware die ou kultuur gevange neem deur die nuwe (vgl. Bavinck 1960:178,179). Dit kan grafies soos volg voorgestel word:

Figuur 4.: Die gevangeneming van die kultuur



Soos reeds gemerk is daar magte en kragte aan die werk soos globalisering, verskuivende demografieë en dies meer wat die kultuur van die dag nie onaangetas laat nie. Verstedeliking bring 'n ontworteling van kultuur mee en vra 'n heroriëntering van gebondenheid aan tradisionele maniere van doen. Die kerk van Christus behoort haarself dus voortdurend te plaas binne die K 1 -6 (Kontekstualiseringskaal) skaal. Sy sal haarself

voortdurend moet ondersoek op die asse-skaal van Keller soos onder punt 3.3.2.2 aangedui. Slegs dan kan die vraag beantwoord word of die plaaslike gemeente genoegsaam voldoen aan die bevel van God om voortdurend die Woord te gaan verkondig aan alle volke, nasies en tale. In Suid-Afrika sal daar dus vanselfsprekend 'n dringendheid moet ontstaan om die persoon of groep aan wie die evangelie verkondig word se kultuur en tradisie en veral, waar hul stáán teenoor hul kultuur en tradisie in ag te neem; die drie-stapproses te voltooi sodat die Evangelie Inkulturaliserisend kan werk. Die Kerk van Christus moet egter daarteen waak om gevoelloos teenoor mense van verskillende kulture en agtergronde op te tree en sodoende, kontra-kontekstualiserend en kontra-inkulturaliserend te arbeid. Bavinck (1960:190) betoog dat iets van die karakter van die ou kultuur steeds behoue moet bly om sodoende effektief te kontekstualiseer. Om Christen te wees is nie gelyk aan die aanneem van Westerse kultuur en gebruike nie (Adeney 2009: 415-422, vgl. Bavinck 1960:190 e.v.). Meer oor die toepassings in hoofstuk 4.

Hoofstuk 4: Missio-Dei en voortgaande kerkplanting in Suid-Afrika

4.1 Oriëntering

4.2 “Tregter en wielkonsep” van gereformeerde kerkwees

4.3 Hoofstuk gevolgtrekking

Hoofstuk 4: Missio-Dei en voortgaande kerkplanting in Suid Afrika

4.1 Oriëntering

Die sentrale teoretiese argument wat tot dusver aandag geniet het in hierdie skripsie was: Wanneer kerke 'n gereformeerde kerkplantingsparadigma wat in die *missio-Dei* gefundeer is en 'n post- moderne Suid-Afrika aanspreek, behoort die liggaam van Christus te groei (Paas 2011) tot eer van God. Die ondersoek het onder andere aan die lig gebring dat ons kan aflei dat *die missio-Dei*, Trinitaries gefundeer is. Die groot sendingopdrag van Jesus in Matt. 28:18-20 kan nie los van die Vader, die Seun of die Heilige Gees gelees word nie. Dit is die Vader wat aan Christus alle mag en krag in die hemel en op die aarde gee. Christus is die boodskap; die opdrag is om Christus se daade te verkondig. Maar die Vader en die Seun stuur die Heilige Gees om die kragbron te wees vir elke gelowige, i.e. die hele kerk, om van die daade van Christus te getuig. Verder kan ons, rakende die *Plantatio Ecclesiae* samevattend beweer: *Plantatio Ecclesia* kom voort uit die *missio-Dei* en is dus die direkte gevolg van die *missio-Dei*. Jesus het 'n groep gelowiges agtergelaat wat gegroei het in getal na die uitstorting van die Heilige Gees. Daar word in die Woord na dié groep verwys as kerk. Hierdie groep het ook nuwe kerke geplant.

Rakende die Suid-Afrikaanse konteks en die taak van die plaaslike kerk is opgemerk: die skrilte kontras tussen die groeiende bevolkingsaanwas in Suid-Afrika en die afname van lidmaattalle by die hoofstroomkerke is opmerklik. Dit lyk of die tradisioneel Westerse kerk in Suid-Afrika, na gevaarwaters dryf waar die kerk moontlike uitwissing in die gesig staar. Dit is die plaaslike kerk, aldus Voetius (Van Hoeven, 1986:111, vgl. Van Andel, 1912:77-84) wat die opdrag het om die kerk uit die gevaarwaters te stuur. Hesselgrave (2000:17) meen dat die kerk se primêre doel is "... to proclaim the Gospel of Christ and to gather believers...". Van Engen (1991:27 vgl. Stewart, 2012) sluit hierby aan: "the church of Jesus Christ may find its fullest expression in relation to the world from within the kingdom of God only if it lives out its nature as a missionary people". Dus kan die kerk van Christus nie anders as om Missionêr te arbeie nie; "The Gospel is a missionary word; so the Church must be mission centered." (Chester & Timmis, 2008:32) 'n Heroriëntering blyk nodig te wees, Goheen (2011:203) pleit vir 'n voortdurende heroriëntering; "A second thing we learn from the Psalms is that we must continually be reoriented and redirected to the unbelieving world as the horizon of our calling."


Driscoll (2009:Ligging 183-184) lewer 'n waardevolle bydrae oor die koers wat geneem behoort te word: "Reformation, therefore, begins with a simple return to Jesus, who, by grace saves us and sends us into reformation. Jesus has called us to (1) the gospel (loving our Lord), (2) the culture (loving our neighbor), and (3) the church (loving our Christian brothers and sisters)." Hierdie bydrae se waarde verhoog indien dit ingebed is in die *Trinitariese Fundering van die missio-Dei*.

Die bespreking van die tema van die hoofstuk, te wete die *missio-Dei* en voortgaande kerkplanting in Suid Afrika, kom nou ter tafel.

4.2. Die "Tregter- en wielkonsep" van gereformeerde kerkwees

Soos reeds aangedui in hoofstuk 2 is die *missio-Dei* die enigste bril waardeur daar na die doel en wese van die kerk as liggaam van Christus gekyk kan word. Die regte verstaan van die Drie-eenheid in terme van die kosmiese werksaamhede gaan die *missio-Dei* vooraf. Wanneer die *missio-Dei* gebou word op die fondament van die Transendente Drieenige God wat in die groter kosmiese werklikheid arbeid, is die noodwendige gevolg dat die *missio-Ecclesiae* in die korrekte konteks gesien word. Die Kerk van Christus arbeid dus binne die raamwerk van God se handeling met sy hele skepping. Hierdie wete bring dan mee dat die gawes soos deur God aan Sy Kerk gegee, wanneer dit vanuit bogenoemde raamwerk beksou word, in verband staan met die kosmiese aktiwiteite van God Drieenig. Gevolglik bring dit mee dat die hele Kerk se roeping na die hele wêreld is, wat inkulturalisering tot gevolg het. Hierdie verloop van denke in die praktyk bied momentum aan en plaas die plaaslike gemeente binne die Pauliniese Sirkel. In hierdie hoofstuk word daar dus (soos in hoofstuk 1 aangedui), die koersgewende beginsels soos in hoofstukke 2 en 3 gevind is, saamgevat en as eenheid gestel in 'n poging om die *missio-Dei*, die *missio-Ecclesiae* in so 'n mate saam te voeg dat dit voortdurende gereformeerde kerkplanting impliseer. Skematies kan dit soos volg daarna uitsien:

Fig. 4.1 Die “Tregter- en wielkonsep”.



